

**MENS–DIERINTERAKSIE AS SELFSTANDIGE
STUDIEVELD:
‘N MULTIDISSIPLINÊRE UITDAGING**

deur

Magda van Heerden

Voorgelê ter vervulling van ‘n deel van die vereistes vir die graad

Doctor Philosophiae

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

PRETORIA

Promotor: Prof J S J Odendaal

Mede-promotor: Prof M S E du Preez

April 2001



Foto: Hein du Plessis

“ True human goodness, in all its purity and freedom, can come to the fore only when its recipient has no power. Mankind’s true moral test, its fundamental test (which lies deeply buried from view), consists of its attitude towards those who are at its mercy: animals. And in this respect mankind has suffered a fundamental debacle, a debacle so fundamental that all others stem from it”

Milan Kundera in *The Unbearable Lightness of Being*.

DANKBETUIGINGS

Elkeen van die volgende persone deel my liefde vir diere en het 'n besondere bydrae gelewer ter voltooiing van die studie:

- 👤 My man, Pieter, is 'n onuitputlike bron van liefde vir alle mense en diere. Hy was ook verantwoordelik vir al die kreatiewe bydraes en tegniese versorging van die proefskrif.
- 👤 My ouers het die basiese beginsel van empatie vir mense en diere by my gelê.
- 👤 Albei my studieleiers, Prof Johannes Odendaal en Prof Rita du Preez, deel my visie om die positiewe band tussen mense en diere te bevorder, en het deur hul opbouende kritiek en aanbevelings meegehelp om dié doel te bereik.
- 👤 Elkeen van die respondente wat aan die ondersoek deelgeneem het, se entoesiasme vir die onderwerp was 'n bron van motivering.
- 👤 Yvette Steyn, my perdryinstrukteur, het die taalversorging met groot belangstelling behartig.
- 👤 My kollegas by U.P. en in die praktyk, se belangstelling en samewerking het nie net bygedra tot die voltooiing van die studie nie, maar lewer ook 'n belangrike bydrae in die strewe na multidissiplinêre samewerking ter bevordering van die studieveld.
- 👤 Prof Andries van Aarde is vir my 'n rolmodel van iemand wat in 'n saak glo en hom daarvoor beywer.
- 👤 The financial assistance of the Centre for Science Development towards this research is hereby acknowledged. Opinions expressed in this thesis and conclusions arrived at, are those of the author and are not necessarily to be attributed to the Centre for Science Development.

*“Erkentlik deur die dae, my aardse lewe lank, wil ek die Here lofsing;
wil ek die Here dank vir wat Hy uit genade so ruim aan my bewys;
wil ek Hom vir sy daade solank ek lewe, prys” Gesang 64:1.*

OPSOMMING

MENS–DIERINTERAKSIE AS SELFSTANDIGE STUDIEVELD: ‘N MULTIDISSIPLINÊRE UITDAGING

Kandidaat: Magda van Heerden

Departement: Maatskaplike Werk

Promotor: Prof J S J Odendaal (DVSc, DPhil, PhD)

Mede-promotor: Prof M S E du Preez (DPhil)

Mens–dierinteraksie as studieveld is in die vroeë tagtigerjare nog as ‘n relatief nuwe rigting beskou. Sederdien het verskeie dissiplines deur middel van navorsing, publikasies, projekte en wetenskaplike byeenkomste, by die proses betrokke geraak. Alhoewel fragmentasie en spesialisasie die selfstandige ontwikkeling van die studieveld strem, word daar vanuit die onderskeie dissiplines belangrike bydraes gelewer.

‘n Unieke eienskap van die studieveld mens–dierinteraksie, is die kombinasie tussen menswetenskappe en natuurwetenskappe. Die behoefte aan ‘n mate van integrasie en openheid tussen wetenskappe het ontstaan. Hierdie kombinasie bied nie net uitdagings nie, maar stel ook spesifieke eise ten opsigte van multidissiplinêre samewerking. Mens–dierinteraksie as studieveld kan verryk en verruim word deur die samewerking tussen dissiplines. Elke dissipline beskik oor gespesialiseerde kennis en vaardighede wat die sinergistiese effek versterk.

Die doel van hierdie ondersoek is om die multidissiplinêre aard van die studieveld, die betrokkenheid van Maatskaplike Werk in die multidissiplinêre span, uitgangspunte ten opsigte van multidissiplinêre samewerking, en die selfstandigheid van die studieveld te verken.

Drie en twintig dissiplines is geïdentifiseer wat betrokke by die studieveld is, naamlik: Antropolpgie en Argeologie, Arbeidsterapie, Argitektuur, Bemarking, Filosofie, Fisiologie, Fisioterapie, Geneeskunde, Joernalistiek, Kommunikasiepatologie, Kriminologie, Kuns, Maatskaplike Werk, Opvoedkunde, Psigiatrie, Publieke Gesondheid, Regte, Sielkunde, Sosiologie, Stads-en Streekbeplanning, Teologie, Veeartsenykunde en Verpleegkunde. Betrokkenheid wissel van direkte betrokkenheid by die implementering van programme; indirekte betrokkenheid, byvoorbeeld in 'n raadgevende hoedanigheid; bydraes tot die fundamentele uitgangspunte tot die mens–dierband; en die bevordering van 'n positiewe beeld van mens–dierinteraksie.

Die rol van Maatskaplike Werk in die studieveld, kan in vyf hoofgroepe verdeel word, naamlik: die doel met maatskaplikewerk-intervensie, naamlik die verhoging van lewenskwaliteit; die rolle van die maatskaplike werker, byvoorbeeld fasiliteerder; teikengroepe in Maatskaplike Werk, byvoorbeeld kinders en bejaardes; behoeftes van mense, byvoorbeeld verligting van eensaamheid; en benaderings tot hulpverlening, byvoorbeeld ontwikkelingsgerigte Maatskaplike Werk.

Die belangrikste beginsels vir multidissiplinêre samewerking in die studieveld is gestel as: die nastrewing van 'n gesamentlike doel, gesamentlike navorsing, volledige omskrywing van die aard en omvang van elke dissipline se betrokkenheid by die studieveld, kennis van al die ander dissiplines se betrokkenheid, asook deelname aan mens–dierinteraksieprogramme.

Die selfstandigheid van mens–dierinteraksie as studieveld kan aan sewe kriteria gemeet word, naamlik: wetenskaplike verenigings, wetenskaplike byeenkomste, publikasies, akademiese onderrig- en opleidingsprogramme, navorsing, praktykprogramme en-projekte, en multidissiplinêre samewerking.

'n Strategie ter bevordering van mens–dierinteraksie as selfstandige, multidissiplinêre studieveld in Suid-Afrika, is aan die hand van sewe besluitnemingsareas, gebaseer op die bemarking van dienste, voorgestel. Hierdie besluitnemingsareas sluit die volgende in: produk-(diens)besluite, prysbesluite, plekbesluite, promosiebesluite, prosesbesluite, personeelbesluite en presentasiebesluite.

Omdat maatskaplike werkers betrokke is by gemeenskapsbehoefte, waarvan die behoefte aan interaksie met geselskapsdiere een is, kan hulle 'n belangrike rol speel in die bereiking van die strategiese doelwitte om mens–dierinteraksie tot 'n selfstandige studieveld te lei.

SUMMARY

HUMAN–ANIMAL INTERACTION AS INDEPENDENT FIELD OF STUDY: A MULTIDISCIPLINARY CHALLENGE

Candidate: Magda van Heerden

Department: Social Work

Promoter: Prof J S J Odendaal (DVSc, DPhil, PhD)

Co-promoter: Prof M S E du Preez (DPhil)

In the early eighties human–animal interaction was still regarded as a relatively new field of study. Since then, various disciplines got involved through research, publications, projects and scientific meetings. Although the independent development of the study field was hindered by fragmentation and specialization, important contributions were made by the different disciplines.

An unique characteristic of human–animal interaction as field of study is the combination between the human sciences and natural sciences. The need for some form of integration and openness between the sciences developed. This combination not only offers opportunities but set specific demands for multidisciplinary co-operation. The study field of human–animal interaction can be enriched and broadened through co-operation between disciplines as each discipline have specialized knowledge and skills available to enhance the synergistic effect.

The aim of this study is to explore the multidisciplinary nature of the study field, the involvement of Social Work in the multidisciplinary team, points of departure for multidisciplinary co-operation, and the independent nature of the study field.

Twenty three disciplines were identified that are involved in the study field, namely: Anthropology & Argeology, Occupational Therapy, Architecture, Marketing, Philosophy, Physiology, Physiotherapy, Medicine, Journalism, Communication Pathology, Criminology, Art, Social Work, Education, Psychiatry, Public Health, Law, Psychology, Sociology, Town & Regional Planning, Theology, Veterinary Science and Nursing. Involvement varies from direct involvement with the implementation of programmes; indirect involvement as for example in an advisory capacity; contributing to the fundamental view points regarding the human–animal bond; and the promoting of a positive image of human–animal interaction.

The role of Social Work in the study field can be divided into five main areas, namely: the aim of social work intervention, e.g. improving quality of life; the roles of the social worker, e.g. facilitator; target groups in Social Work, e.g. children and the elderly; needs of people, e.g. alleviating loneliness and depression; and approaches towards service rendering, e.g. developmental Social Work.

The most important principles of multidisciplinary co-operation in the study field are stated as: aspiration to achieve the same goal, joint research, a comprehensive description of the nature and extent of the involvement of each discipline, knowledge of all the other discipline's involvement, as well as participation in human–animal interaction programmes.

The independence of human–animal interaction as study field can be measured against the following seven criteria: scientific organizations, scientific meetings, publications, academic training- and educational programmes, research, programmes and projects in practice, and multidisciplinary co-operation.

A strategy to enhance human–animal interaction as independent, multidisciplinary study field in South Africa is presented according to seven decision-making areas used in the marketing of services. These decision making areas include: product-(service)decisions, price decisions, place decisions, promotional decisions, personnel decisions and presentation decisions.

As social workers focus on the needs of the community and the need to interact with companion animals is one of these needs, social workers can play an important role in achieving the strategic goals of leading the study field of human–animal interaction to independence.

SLEUTELTERME:

Mens–dierinteraksie

Mens–dierband

Studieveld

Multidissiplinêr

Geselskapsdiere

Lewenskwaliteit

Diensterreine

Maatskaplike Werk

Dissiplines

Strategie

Mens–dierinteraksie programme

Bemarkingsresep

KEY TERMS:

Human–animal interaction

Human–animal bond

Field of study

Multidisciplinary

Companion animals

Quality of life

Service fields

Social Work

Disciplines

Strategy

Human–animal interaction programmes

Marketing mix

INHOUDSOPGAWE

		BLADSY
HOOFSTUK 1	ALGEMENE INLEIDING TOT DIE ONDERSOEK	
1.1	Inleiding	1
1.2	Motivering vir die keuse van die ondersoek	5
1.3	Probleemformulering	7
1.4	Doel van ondersoek	8
1.5	Navorsingsvraag/Hipotese	9
1.6	Navorsingsbenadering	10
1.7	Soort navorsing	12
1.8	Navorsingsontwerp	14
1.9	Navorsingsprosedure en werkwyse	17
	1.9.1 Literatuurstudie	17
	1.9.2 Onderhoude	18
	1.9.3 Gevallestudies	20
1.10	Voorondersoek	21
	1.10.1 Literatuurstudie	22
	1.10.2 Konsultasie met kundiges	22
	1.10.3 Bywoning van internasionale kongres	23
	1.10.4 Voorlopige verkennende studie	23
	1.10.5 Studie van strategiese eenhede	23
1.11	Omskrywing van universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming	24
1.12	Definisie van hoofkonsepte	26
	1.12.1 Mens–dierinteraksie	26
	1.12.2 Mens–dierinteraksieprogram	26
	1.12.3 Studieveld	29
	1.12.4 Multidissiplinêr/Interdissiplinêr	29
	1.12.5 Strategie	30
	1.12.6 Geselskapsdiere	31
1.13	Uitvoerbaarheid en beperkings van die studie	32

		BLADSY
1.14	Hoofstukindeling	35
1.15	Samevatting	35
HOOFSTUK 2	DISSIPLINES BETROKKE BY DIE STUDIEVELD	
	MENS–DIERINTERAKSIE	
2.1	Inleiding	37
2.2	Antropologie en Argeologie	37
2.3	Arbeidsterapie	43
2.4	Argitektuur	46
2.5	Bemarking	47
2.6	Filosofie	52
2.7	Fisiologie	58
2.8	Fisioterapie	60
2.9	Geneeskunde	62
2.10	Joernalistiek	66
2.11	Kommunikasiepatologie	68
2.12	Kriminologie	70
2.13	Kuns	72
2.14	Maatskaplike Werk	75
2.15	Opvoedkunde	75
2.16	Psigiatrie	79
2.17	Publieke Gesondheid	81
2.18	Regte	83
2.19	Sielkunde	90
2.20	Sosiologie	93
2.21	Stads- en Streeksbeplanning	95
2.22	Teologie	99
2.23	Veeartsenykunde	106
2.24	Verpleegkunde	106
2.25	Ander dissiplines	113
2.25.1	Landbou	113
2.25.2	Natuurlewebestuur	114
2.25.3	Dierkunde	114
2.25.4	Rekreasiekunde	115

		BLADSY
2.26	Samevatting	116
HOOFSTUK 3 DIENSTERREINE IN MAATSKAPLIKE WERK BETROKKE BY MENS–DIERINTERAKSIE		
3.1	Inleiding	122
3.2	Gesinsorg	129
3.3	Bejaardesorg	132
3.4	Korrektiewe dienste	137
3.5	Kindersorg	140
3.6	Gestremdesorg	147
3.7	Maatskaplike gesondheidsorg	153
3.8	Geestesgesondheidsorg	157
3.9	Substansafhanklikheid	164
3.10	Armoede	167
3.11	Samevatting	170
HOOFSTUK 4 MULTIDISSIPLINÊRE SAMEWERKING TER BEVORDERING VAN DIE STUDIEVELD		
4.1	Inleiding	174
4.2	Beginsels vir effektiewe samewerking	178
4.3	Voordele van multidissiplinêre samewerking	184
4.4	Dilemmas en uitdagings in die strewe na samewerking	186
4.5	Bydraes vanuit die onderskeie dissipline ter bevordering van multidissiplinêre samewerking	190
4.5.1	Multidissiplinêre mens–dierinteraksieprogramme en –projekte in praktyk	191
4.5.2	Riglyne vir die implementering van ‘n multidissiplinêre mens–dierinteraksieprogram in praktyk	194
4.5.3	Die rol van die maatskaplike werker in die multidissiplinêre span	200
4.6	Samevatting	203

HOOFSTUK 5 DIE ONTWIKKELING VAN MENS–DIERINTERAKSIE AS SELFSTANDIGE STUDIEVELD

5.1	Inleiding	205
5.2	Wetenskapsontwikkeling	205
5.3	Kriteria vir die selfstandigheid van 'n studieveld	207
5.3.1	Wetenskaplike vereenigings	209
5.3.2	Internasionale kongresse	220
5.3.3	Wetenskaplike publikasies	222
5.3.4	Akademiese onderrig	226
5.3.5	Navorsing	234
5.4	Samevatting	239

HOOFSTUK 6 EMPIRIESE ONDERSOEK

6.1	Inleiding	242
6.2	Persoonlike betrokkenheid by die studieveld	245
6.3	Omskrywing van die aard van betrokkenheid van die onderskeie dissiplines by mens–dierinteraksie as studieveld	249
6.3.1	Antropologie en Argeologie	250
6.3.2	Arbeidsterapie	250
6.3.3	Argitektuur	251
6.3.4	Bemarking	251
6.3.5	Filosofie	252
6.3.6	Fisiologie	252
6.3.7	Fisioterapie	252
6.3.8	Geneeskunde	253
6.3.9	Joernalistiek	253
6.3.10	Kommunikasiepatologie	254
6.3.11	Kriminologie	254
6.3.12	Kuns	255
6.3.13	Maatskaplike Werk	255
6.3.14	Opvoedkunde	255
6.3.15	Psigiatrie	256
6.3.16	Publieke Gesondheid	256
6.3.17	Regte	257

BLADSY

6.3.18	Sielkunde	257
6.3.19	Sosiologie	257
6.3.20	Stads- en Streeksbeplanning	258
6.3.21	Teologie	258
6.3.22	Veeartsenykunde	259
6.3.23	Verpleegkunde	259
6.4	Indeling van dissiplines in vier voorgestelde kategorieë	260
6.5	Identifisering van dissiplines betrokke by die studieveld	263
6.5.1	Keuse van geïdentifiseerde dissiplines	263
6.5.2	Identifisering van dissiplines nie deur die navorser geïdentifiseer	266
6.6	Die rol van Maatskaplike Werk met betrekking tot mens–dierinteraksie	271
6.7	Multidissiplinêre samewerking	277
6.7.1	Samewerking tussen dissiplines	277
6.7.2	Beginsels ter bevordering van multidissiplinêre samewerking	280
6.8	Mens–dierinteraksie as selfstandige multidissiplinêre studieveld	283
6.8.1	Selfstandigheid van die studieveld	283
6.8.2	Kriteria vir selfstandigheid	286
6.8.3	Addisionele kriteria vir selfstandigheid van die studieveld	289
6.9	Samevatting	290

HOOFSTUK 7 'N STRATEGIE TER BEVORDERING VAN DIE STUDIEVELD MENS-DIERINTERAKSIE IN SUID-AFRIKA

7.1	Inleiding	294
7.2	Visie en missie	295
7.3	Doelstellings en aksiestappe	296
7.3.1	Produkbesluite	299
7.3.2	Prysbesluite	302
7.3.3	Besluite met betrekking tot plek	305
7.3.4	Promosiebesluite	307
7.3.5	Personeelbesluite	311
7.3.6	Prosesbesluite	314

BLADSY

7.3.7	Besluite met betrekking tot presentasie	317
7.4	Samevatting	319
HOOFSTUK 8 ALGEMENE SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS		
8.1	Inleiding	321
8.2	Algemene inleiding tot die ondersoek: Hoofstuk 1	322
8.2.1	Samevatting	322
8.2.2	Gevolgtrekkings	323
8.2.3	Aanbevelings	324
8.3	Dissiplines betrokke by mens–dierinteraksie: Hoofstuk 2	326
8.3.1	Samevatting	326
8.3.2	Gevolgtrekkings	327
8.3.3	Aanbevelings	332
8.4	Diensterreine in Maatskaplike Werk betrokke by mens–dierinteraksie: Hoofstuk 3	333
8.4.1	Samevatting	333
8.4.2	Gevolgtrekkings	334
8.4.3	Aanbevelings	337
8.5	Multidissiplinêre samewerking ter bevordering van die studieveld: Hoofstuk 4	339
8.5.1	Samevatting	339
8.5.2	Gevolgtrekkings	340
8.5.3	Aanbevelings	341
8.6	Die ontwikkeling van mens–dierinteraksie as selfstandige studieveld: Hoofstuk 5	342
8.6.1	Samevatting	342
8.6.2	Gevolgtrekkings	343
8.6.3	Aanbevelings	344
8.7	Empiriese ondersoek: Hoofstuk 6	344
8.7.1	Samevatting	344
8.7.2	Gevolgtrekkings	345
8.7.3	Aanbevelings	347
8.8	Voorgestelde strategie: Hoofstuk 7	348
8.8.1	Samevatting	348

			BLADSY
	8.8.2	Gevolgtrekkings	349
	8.8.3	Aanbevelings	349
8.9		Toetsing van doelstelling en doelwitte	350
	8.9.1	Doelstelling	350
	8.9.2	Doelwitte	351
8.10		Formulering van hipoteses	352
8.11		Slotopmerkings	353
BRONNELYS			354

LYS VAN FIGURE

		BLADSY
FIGUUR 1	Skematiese voorstelling van die hoofstukindeling	35
FIGUUR 2	Skematiese voorstelling van diensterreine in Maatskaplike Werk betrokke by mens–dierinteraksie toegelig met enkele voorbeelde	128
FIGUUR 3	Kategorie-indeling van dissiplines ooreenkomstig die aard van betrokkenheid by mens–dierinteraksie as studieveld	176
FIGUUR 4	Skematiese voorstelling van die boustene vir gedragsverandering	183
FIGUUR 5	Fases van implementering van ‘n mens–dierinteraksieprogram	196
FIGUUR 6	Profiel van respondente volgens gestelde kriteria vir deelname aan die ondersoek	246
FIGUUR 7	Profiel van kategorie-indeling van dissiplines op grond van die aard van hul betrokkenheid by mens–dierinteraksie	261
FIGUUR 8	Die positiewe erkenning van dissiplines wat na die mening van respondente ‘n rol speel in mens–dierinteraksie as studieveld	266
FIGUUR 9	Skematiese voorstelling van die dissiplines met wie daar die meeste op die gebied van mens–dierinteraksie saamgewerk word	279
FIGUUR 10	Prioritisering van beginsels ter bevordering van die studieveld	281
FIGUUR 11	Persentasie respondente wat van mening is dat mens–dierinteraksie as selfstandige multidissiplinêre studieveld gereken kan word	283
FIGUUR 12	Die mate waarin mens–dierinteraksie reeds aan die voorgestelde kriteria vir selfstandigheid voldoen	287
FIGUUR 13	Die interaksie tussen elemente van die bemarkingsresep en omgewingsfaktore	297
FIGUUR 14	Voorbeelde van bestaande produkte wat in die mark beskikbaar is	301
FIGUUR 15	Voorbeelde van aspekte wat prysbepaling beïnvloed	304

BLADSY

FIGUUR 16	Voorbeelde van distribusiepunte om aan plekvereistes te voldoen	306
FIGUUR 17	Voorbeelde van promosiemateriaal van verskillende mens–dierinteraksieprodukte	310
FIGUUR 18	Voorbeelde van mense betrokke by die bevordering van positiewe mens–dierinteraksie	313
FIGUUR 19	Voorbeelde van prosesse wat gevolg kan word ter bevordering van mens–dierinteraksie	316
FIGUUR 20	Voorbeelde van tasbare elemente met betrekking tot die aanbieding van die diens	318
FIGUUR 21	Skematiese voorstelling van die aanbieding van Hoofstuk 8	322

LYS VAN TABELLE

		BLADSY
TABEL 1	Persoonlike betrokkenheid van respondente by die studieveld mens–dierinteraksie volgens ses gestelde kriteria	246
TABEL 2	Persentasie respondente volgens die aantal kriteria vir deelname aan die ondersoek waaraan hulle voldoen	248
TABEL 3	Kategorieë waarvolgens respondente hul eie dissipline se betrokkenheid by mens–dierinteraksie ingedeel het	260
TABEL 4	Spesifieke response met betrekking tot die aard van dissiplines se betrokkenheid by mens–dierinteraksie	262
TABEL 5	Die mate waarin respondente die dissiplines, soos deur die navorser geïdentifiseer, se betrokkenehdi by die studieveld erken	265
TABEL 6	Identifisering van dissiplines betrokke by die studieveld wat nie in die onderhoudskedule genoem is nie	267
TABEL 7	Omvang van samewerking met spesifieke dissiplines	278
TABEL 8	Prioritisering van beginsels ter bevordering van multidissiplinêre samewerking tussen dissiplines	280
TABEL 9	Die mate waarin mens–dierinteraksie as studieveld reeds aan die kriteria vir selfstandigheid, soos in die literatuur uitgespel, voldoen	286
TABEL 10	Kriteria vir die selfstandigheid van mens–dierinteraksie as studieveld wat tot die bestaande lys van kriteria gevoeg kan word	289

LYS VAN FOTOS

		BLADSY
FOTO 1	Geselskapsdiere is nie inkongruent nie, hou nie 'n bedreiging in met fisiese aanraking nie, gee hul volle aandag en is altyd beskikbaar	123
FOTO 2	Geselskapsdiere kan gevoelens van eensaamheid, vrees, verveeldheid en spanning verlig by kinders wat alleen tuis moet wees as gevolg van ouers wat voltyds werk	130
FOTO 3	Honde-eienaars neem meer dagstappies as nie honde-eienaars en is minder ontevrede met hul sosiale, fisiese en emosionele gesteldheid	134
FOTO 4	Die teenwoordigheid van geselskapsdiere verhoog betrokkenheid van bejaardes by hul sosiale omgewing	135
FOTO 5	Die versorging van geselskapsdiere leer die gevangene respek vir lewe	138
FOTO 6	Die positiewe interaksie met geselskapsdiere bevorder die gevangenes se eiewaarde en selfrespek	139
FOTO 7	Positiewe mens–dierinteraksie het veral waarde vir die ontwikkeling van die kind in die vroeë- en middelkinderjare	142
FOTO 8	Geselskapsdiere kan 'n belangrike substituutfunksie vervul in die kleiner of onvolledige gesinsisteem in die sin dat hulle geselskap bied, 'n gevoel van veiligheid skep, 'n speelmaat kan wees en dus oor die algemeen eensaamheid kan verlig	144
FOTO 9	Vir die gestremde persoon voldoen die geselskapsdier aan die belangrike behoeftes van aanvaarding en respek, fisiese en emosionele interaksie, kommunikasie en sosialisering	149
FOTO 10	Vir die gesiggestremde persoon strek die waarde van 'n gidshond veel verder as die onafhanklikheid wat dit bied	150
FOTO 11	Die algemene maatskaplike funksionering van die persoon word positief beïnvloed deur terapeutiese perdry	151
FOTO 12	Positiewe mens–dierinteraksie word gereken as een van die faktore wat lewenskwaliteit bevorder	153

		BLADSY
FOTO 13	Interaksie met die dier verminder die pasiënt se spanning en bied afleiding van pyn wat terapeutiese intervensie vergemaklik	154
FOTO 14	Fisiese kontak is 'n belangrike komponent van die mens se emosionele ontwikkeling en geestesgesondheid	158
FOTO 15	Die teenwoordigheid van voëls verminder gevoelens van depressie	161
FOTO 16	Geselskapsdiere dien as skakel tussen mense, emosionele ondersteuner en nie-veroordelende vriend	165
FOTO 17	In die oë van 'n geselskapsdier is sy eienaar altyd 'n held, ongeag die verlede	167
FOTO 18	Om ekonomies ontmagtig te wees ontnem nie iemand van die vermoë om in positiewe interaksie met 'belangrike ander' te tree nie	168
FOTO 19	Die behoeftes van daklose mense aan vriendskap, aanvaarding, nie-veroordeling en geselskap word nie altyd raakgesien nie	170

LYS VAN BYLAES

Bylae 1	Onderhoudskedule
Bylae 2	Interview schedule

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING TOT DIE ONDERSOEK

1.1. INLEIDING

Die historiese aanvang van die mens–dierband word vanuit verskeie dissiplines gedebatteer. Van die belangrikste bydraes om die ontstaan hiervan te dokumenteer, kom vanuit die Antropologie en Argeologie. Morey & Wiant (1992:282) meen dat opgrawings van hondegrafte toon dat daar reeds solank as 8000 jaar gelede 'n affektiewe verhouding tussen die mens en die hond bestaan het, terwyl Mithen (1999:201), Odendaal & Weyers (1990:21-30), Robinson (1995:1-6) en Swabe (1999:157) dit selfs verder terugvoer. Volgens hierdie bronne is van die vroegste aanduidings van 'n emosionele band tussen mens en dier te vind in opgrawings wat dateer uit die paleolitiese tydperk (10 - 12 000 jaar gelede). Hierdie opgrawings is onder andere dié van 'n menslike skelet wat dié van 'n klein hondjie omhels en 'n skelet van 'n bejaarde persoon wie se hand op 'n hond rus.

'n Psigologiese benadering tot die mens–dierband is deur Barba (1993:29) gevolg. Sy kom tot die gevolgtrekking dat die motiewe vir die vorming van die band van die kant van die mens op twee gelyke vlakke van behoeftebevrediging lê naamlik, die behoefte aan versorging, intimiteit, aanraking, spel, humor en rou, en die behoefte aan dominansie, mag, moraliteit, sekuriteit en nuttigheid. Swabe (1999:25 & 36) is van mening dat mens–dierinteraksie die gevolg is van 'n proses van domestisering.

Domestisering is egter 'n dinamiese proses wat steeds besig is om plaas te vind en wat voortdurend verander om aan te pas by die veranderende behoeftes van mense en diere. Die proses van evolusie het verder bygedra tot die verandering in mens–dierinteraksie en word deur Swabe soos volg gestel: “During the course of human evolution those interactions diversified as animals came to play new roles in society. Indeed, the course of our biological and cultural evolution is indeed intimately tied up with the emergence of those new inter-species relationships”. 'n Meer filosofies-religieuse benadering kry ons by Clark (1997:167-168): “We are not of another, radically different kind. Ties of loyalty may bind us to particular

non-humans as much as to humans. When we open our eyes to see the reality of another creature, and so learn to respect its being, that other creature may as easily be non-human". Die omvang van die studieveld word hierin gereflekteer deurdat verskeie dissiplines geraak word deur die uiteenlopende behoeftes van mense en diere en hul interaksie met mekaar. Die omskrywing van die aard en betekenis van die mens–dierband kan dus vanuit verskillende verwysingsraamwerke benader word.

Die geskiedenis van die mens–dierband word gekenmerk deur kontradiksies: “Animals have been worshipped as gods, reviled as evil spirits, endowed with souls, or regarded as mindless machines...killed for food with careful respect but also slaughtered for sport...have been objects of terror or loathing (but)...taken into our homes and treated as if humans themselves” (Manning & Serpell, 1994:xi). Hierdie diversiteit in rolvervulling wat oor verloop van tyd ontstaan het, word ook deur Mithen (1999:201) omskryf: “But it was only in the last 100,000 years, and possibly just the last 30,000, that animals came to occupy that immensely diverse set of roles in our society that they have today: animals as sources of food; animals as companions; animals as the subject of stories, myths and paintings; animals as metaphors; animals as objects to abuse”. Die romantiese prentjie van mens–dierinteraksie, wat so dikwels deur die media en in die literatuur aan ons voorgehou word, verbloem die harde realiteite van hoe wreed daar in die verlede (Ritvo, 1994:106), en selfs vandag nog, teenoor diere opgetree word. Alhoewel die verhouding tussen mens en dier al soveel milleniums bestaan en in die proses soveel veranderings ondergaan het, het die laaste eeu die mees ingrypende veranderings en herdefiniëring van mens–dierinteraksie as studieveld tot gevolg gehad. Die idee dat diere, net soos mense, gevoelens en emosie besit, het in die Westerse kultuur sy beslag. Teen die laat sewentigerjare is die konsep van dierewaarneming- en gevoelsvermoë algemeen aanvaar en net deur 'n klein groepie fundamentaliste bevraagteken (Fogle, 1999:234).

Die paradoks in die verhouding tussen mens en dier wat egter steeds bestaan, word deur Swabe (1999:156) soos volg opgesom: “Most striking is how the cleft between ourselves and food-producing animals has grown as these animals have increasingly been accorded the status of machines through the development of the intensive farming practices that have been deemed necessary to meet ever-growing human food demand...”. Aan die ander kant kan die band met geselskapsdiere steeds hefter en meer omvangryk raak: “... we increasingly keep pets to satisfy our emotional, rather than material, needs and gain tactile comfort and trust from them which might not be found elsewhere in our modern lives”. Fogle (1999:238) voorspel dat hierdie kontradiksie in die verhouding tussen mens en dier in die toekoms nog groter sal word: “In the coming years these contradictions will increase. New

scientific information and discoveries about sentience will make our decisions about companion animals more, not less, difficult”.

Die 21^e eeu belooft dus nie om hierdie wanbalanse uit te wis nie. Die groeiende bevolking, demografiese verskuiwings, verandering en intensifisering van menslike behoeftes en lewenstyl, tegnologiese ontwikkeling, verstedeliking en siekte epidemies gaan al meer druk plaas op diere om aan die behoeftes van mense soos voedsel, byprodukte van diere, geselskap, gemak, status, veiligheid, gesondheid, navorsing en algemene lewenskwaliteit van die mens te voldoen.

Mens–dierinteraksie is by uitstek 'n multidisiplinêre studieveld. Die maatskaplike werker van die 21^e eeu sal 'n groter rol in die multidisiplinêre span moet vertolk. Die tyd is ryp vir die maatskaplikewerkberoep om sy perspektiewe tot hulpverlening so te verbreed dat dit die mens in sy verhouding tot sy omgewing insluit. Hier kan tereg verwys word na "environmental social work". Die mens ervaar lewenskwaliteit nie meer alleen in sy verhouding tot ander mense nie, maar ook in sy verhouding tot die groter omgewing. Positiewe mens–dierinteraksie is 'n belangrike komponent van die mens in sy natuurlike omgewing. Geselskapsdiere is nie alleen die mens se kontak met die natuur nie, maar bied ook stabiliteit in 'n veranderende lewensomgewing en geleentheid tot uitgebreide en alternatiewe verhoudings. Die mens ervaar nie meer alleen sin in die kerngesin nie, maar in 'n *netwerk van sinvolle verhoudings*, wat hom in staat stel om ten volle te leef. Hierdie verhoudings kan met ander mense, met diere, met die natuur, met 'n Opperwese, of selfs met 'iets', soos die rekenaar, wees.

Vir Maatskaplike Werk is die belang van mens–dierinteraksie geleë in sowel die terapeutiese waarde van geselskapsdiere, as in die rol wat hulle in menslike ontwikkeling kan speel. Die fokus vir die maatskaplike werker, as deel van die multidisiplinêre span, is op die bydrae wat mens–dierinteraksie kan lewer in die bevordering van lewenskwaliteit van mense. Reeds in 1987 het Netting, Wilson & New (1987:63) die rol van geselskapsdiere, om die lewenskwaliteit van maatskaplikewerkkliënte te bevorder, bevestig: "The social work professional is often searching for ways to improve the quality of life of persons who have overwhelming obstacles to overcome. To those clients who could benefit from an animal companion, a social worker may be able to facilitate a new, or support a long-established relationship, by being sensitive to what is occurring in the field of human-animal bonding and knowing what resources are available". Die waarde van geselskapsdiere vir Maatskaplike Werk as dissipline, word in hierdie studie aan die onderskeie diensterreine in Maatskaplike Werk gekoppel.

In 1988 is die studieveld van mens–dierinteraksie nog as 'n relatief nuwe rigting beskou deurdat dit eers: “... vir die die afgelope dekade 'n onderwerp van studie, bespreking en evaluering...” geword het (Odendaal, 1988:1). Daar het dus 'n behoefte ontstaan om 'n geheelbeeld van die nuwe rigting te vorm deur dit te omskryf en te definiëer. Konrad Z. Lorenz, 'n Oostenrykse Nobelpryswenner is aanvaar as die eerste persoon wat mens–dierinteraksie as 'n studieveld bekendgestel het, terwyl Boris Levinson in die sewentiger- en tagtigerjare die eerste persoon was wat die studieveld binne 'n bepaalde dissipline, naamlik Psigiatrie, toegepas het. Die studieveld het in dieselfde tydperk uitgebrei, toe wetenskaplik-gefundeerde studies deur die Corson-egpaar in 'n psigiatrisie inrigting gedoen is. Die tagtigerjare word beskou as die tydperk waarin die kennisontploffing in die studieveld plaasgevind het. Verskeie dissiplines het in hierdie tydperk betrokke geraak deur middel van navorsing, publikasies, projekte en byeenkomste. (Vergelyk Odendaal, 1989(a):169-171.) Die studieveld het in die laaste dekade steeds bly groei, tot so 'n mate dat daar tans ten minste 23 dissiplines of vakgebiede geïdentifiseer kan word wat direk of indirek hierby betrokke is. Ongelukkig het fragmentasie en spesialisasie die selfstandige ontwikkeling van die studieveld tot 'n groot mate gestrem, maar binne elk van hierdie dissiplines is belangrike bydraes gelewer wat in aanmerking geneem behoort te word.

Ten spyte van die betrokkenheid van soveel dissiplines, blyk multidisiplinêre samewerking tot dusver eerder die uitsondering as die reël te wees. Verskeie faktore kon hiertoe bygedra het, onder andere onkunde oor die rol van ander dissiplines en oorwaardering van die dissipline waarby elkeen self betrokke is, gebrek aan 'n holistiese benadering tot die studieveld, teenstellende waardes wat aan diere gekoppel word, onkunde oor die waarde van die mens–dierband en akademiese statusbewustheid. Midgley (1994:189) het oor laasgenoemde die volgende mening: “This impression about what is academically respectable still survives among many people, both learned and unlearned. In the social sciences, interdisciplinary feuding strengthened the sense of a gap between humans and other creatures”.

Die multidisiplinêre aard van die studieveld, die betrokkenheid van Maatskaplike Werk as dissipline hierby, uitgangspunte ten opsigte van multidisiplinêre samewerking, en die mate waarin mens–dierinteraksie as studieveld aan die kriteria vir selfstandigheid voldoen, is die fokus van hierdie ondersoek.

1.2. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERSOEK

'n Besondere eienskap van die studieveld mens–dierinteraksie is die kombinasie tussen menswetenskappe en natuurwetenskappe. Hierdie kombinasie bied nie net uitdagings nie, maar stel ook spesifieke eise ten opsigte van multidisiplinêre samewerking (Odendaal, 1988:129 & 257). Samewerking tussen dissiplines word vanuit verskeie oorde bepleit. Die Witskrif vir Wetenskap en Tegnologie (1997), die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997), die Witskrif vir Hoër Onderwys (1997), asook die fokusareas van die National Research Foundation (NRF) (2000:2), beklemtoon multidisiplinariteit, transdisiplinariteit, oop sisteme, samewerkende navorsing en 'n holistiese benadering ten opsigte van programme. Die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie het 1998 aangekondig as die “Year of Science and Technology” waarvan die slagspreuk: “Creativity without Boundaries”, ook verwys het na die oorsteek van grense tussen dissiplines en die paradigmaskuiwe wat nodig is vir wetenskapsontwikkeling. Die strategiese beplanningsdokument van die Universiteit van Pretoria, (Op pad na die Nuwe Millenium: 1998-2001), stel dit as een van die kernstrategieë om interdisiplinêre onderrig- en navorsingsprogramme te fasiliteer. Hierdie visie word deur deur Rektor van die Universiteit van Pretoria, Prof. Johan van Zyl, soos volg verduidelik: “Die kennisgedrewenheid en kennisafhanklikheid van ons wêreld het daartoe gelei dat opleidings- en leerbehoefes só kompleks geword het dat dit haas onmoontlik geword het om dit slegs deur middel van dissiplines, departemente en fakulteite te hanteer. Dié strukture sal vervang word deur 'n losser verband tussen die dissiplines in akademiese skole wat op multi- en interdisiplinêre temas gerig is” (Van Zyl, 2000:38).

Die oorsteek van grense sluit ook die grense tussen dissiplines in. Odendaal (1995:207) laat hom soos volg hieroor uit: “Daar is 'n behoefte aan 'n mate van integrasie en openheid tussen wetenskappe. Onbedreigde samewerking kan bewerkstellig word deur erkenning te verleen aan elkeen se bydrae en dit kan lei tot 'n verbreding van kennis oor 'n spesifieke onderwerp”. Arkow (1992:520) bepleit ook die fokus op raakvlakke eerder as op verskille: “Divisive single issues distract veterinarians and the humane field from recognizing more significant concerns in which both have common interests. Respectful disagreement on some issues should not interfere with cooperation in matters on which there is agreement”. Die werklike omvang en potensiaal van die studieveld kan alleen begryp word indien multidisiplinêre en interkulturele samewerking in die praktyk realiseer (Plous, 1993:45). Hierin lê die motivering van hierdie studie opgesluit, naamlik dat die studieveld van mens–

dierinteraksie verryk en verruim kan word deur samewerking tussen dissiplines wat direk en indirek daarby betrokke is. Die byeenbring van verskillende dissiplines kan veel meer geleenthede as bedreigings bied, omdat die eindproduk 'n sinergistiese effek sal hê. Elke dissipline beskik oor gespesialiseerde kennis en vaardighede wat bydra tot die sukses van die toepassing van die studieveld in die praktyk. Rowan (1989:7) stem hiermee saam as hy sê dat: "The excitement and enthusiasm found in this field of research endeavour is due, in part, to the mix of disciplines that are to be found applying their own particular approaches to understanding our paradoxical behavior towards animals".

Multidisiplinêre samewerking moet egter nie net die samevoeging of naasmekaarplasing van dissiplines wees nie. Gasparíková, Bakos, Pillay & Prinsloo (1996:6) waarsku teen hierdie skyn van multidisiplinariteit en is van mening dat die doel behoort te wees om nuwe metodes van samewerking en koördinerende van navorsingsprojekte te bevorder en om programme, metodes en resultate vir die oplossing van gedeelde probleme daar te stel. Indien hierdie studie dus in sy doel slaag deur al die geïdentifiseerde dissiplines betrokke by die studieveld te betrek en 'n strategie vir multidisiplinêre samewerking daar te stel, sal dit 'n belangrike bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van mens-dierinteraksie as 'n multidisiplinêre studieveld. Multidisiplinêre samewerking word dikwels as 'n struikelblok vir die bevordering en spesialisasie van 'n dissipline ervaar. Gasparíková *et al.* (1996:7) is van mening dat die teendeel egter waar is: "... it is a natural counterpart and a necessary presupposition for their further development". Hulle stel dit voorts dat: "...convergent collaboration (should) be strengthened and the trend to divergency, isolation and particularism of various disciplines be weakened".

Die maatskaplikewerkprofessie is tradisioneel een wat suksesvol in multidisiplinêre spanverband funksioneer, maar nie altyd die erkenning daarvoor kry nie. Die waarde van hierdie ondersoek is dat dit die spesifieke plek en rol van die maatskaplike werker in die benutting van mens-dierinteraksie in die proses van hulpverlening identifiseer. Maatskaplikewerk, vanweë sy holistiese en sistemiese benadering tot hulpverlening, het 'n sleutelrol te vertolk in die bevordering van mens-dierinteraksie as studieveld, asook in die fasilitering van die proses van implementering van mens-dierinteraksieprogramme.

1.3 PROBLEEMFORMULERING

Die volgende probleme, ter bevordering van mens–dierinteraksie as selfstandige multidisiplinêre studieveld, word tans ervaar:

- ❖ Verskeie dissiplines is geïdentifiseer wat verskillende vlakke van betrokkenheid by die studieveld van mens–dierinteraksie het. 'n Leemte is dat die omvang van dissiplines betrokke, onbekend is. Elkeen van hierdie dissiplines lewer in 'n mindere of meerdere mate 'n bydrae tot die ontwikkeling van die studieveld, maar die afsonderlike bydraes is nie in omvang en diepte voldoende om die studieveld tot sy volle potensiaal te begelei nie. Alhoewel elke dissipline 'n eie, unieke invalshoek, en selfs uiteenlopende doelstellings ten opsigte van mens–dierinteraksie het, kan daar deur middel van multidisiplinêre samewerking kennisleemtes binne die afsonderlike dissiplines aangevul word. Odendaal (1995:207) stel dit ook as 'n probleem dat: "... die kunsmatige grense wat daar tussen dissiplines bestaan perspektief en kontekstuele denke beperk".
- ❖ Die onderkeie dissiplines is nie ten volle op hoogte, of soms glad nie bewus, van al die ander rolspelers in die studieveld nie. Die leemte lê dus in die kommunikasie tussen dissiplines en gebrek aan forums vir onderlinge skakeling. Alhoewel die grootste groep internasionale wetenskaplike verenigings hulself posisioneer as multidisiplinêr, is die aard en omvang van multidisiplinêre samewerking onseker.
- ❖ Beperkings op die ontwikkeling van die studieveld is vervolgens geleë in die gebrek aan befondsing vir navorsing (Rowan, 1995:130) binne sowel die afsonderlike dissiplines as op multidisiplinêre vlak. Die opskrifstelling en publikasie van programme om mens–dierinteraksie te bevorder word as 'n verdere leemte geïdentifiseer. Alhoewel belangrike bydraes in sowel die *Anthrozoös* as in vaktydskrifte van ander dissiplines byvoorbeeld Sielkunde, Verpleegkunde, Opvoedkunde en Maatskaplike Werk gelewer word, word heelwat programme in praktyk geïmplementeer sonder volledige dokumentasie van die inhoud of sukses daarvan.
- ❖ 'n Verdere probleem blyk te wees dat daar steeds onkunde en verkeerde persepsies ten opsigte van die rol en waarde van geselskapsdiere bestaan, nie alleen binne die onderskeie dissiplines nie, maar ook binne breë samelewingsverband. Verskeie faktore het tot dusver hiertoe bygedra. 'n Gebrek aan kennis en blootstelling aan die voordele van positiewe mens–dierinteraksie speel beslis 'n rol. Nog 'n rede wat aangevoer kan

word is dat die verhouding tussen mense en diere dikwels op 'n emosionele en persoonlike wyse aangebied word omdat dit nie altyd moontlik is om affektiewe belewenisse op 'n kognitiewe wyse aan te bied nie. Odendaal (1988:8) en Rowan (1989:5) waarsku egter dat die waarde van sulke inligting vir die studieveld nie onderskat moet word nie.

- 'n Belangrike leemte is dat, ten spyte van die positiewe bydrae wat mens–dierinteraksie in die onderskeie diensterreine van Maatskaplike Werk lewer en die rol wat die maatskaplike werker in die multidisiplinêre span kan speel, mens–dierinteraksieprogramme steeds onderbenut word. Maatskaplikewerkopleiding en -navorsing in hierdie studieveld is ook beperk.

1.4. DOEL VAN ONDERSOEK

Die doel van hierdie ondersoek is om die aard en omvang van mens–dierinteraksie as selfstandige studieveld binne multidisiplinêre verband vas te stel, en om na aanleiding daarvan 'n strategie voor te stel om sodoende die studieveld in Suid - Afrika te bevorder. Die doelwitte om bogenoemde te bereik, word soos volg gestel:

- 1.4.1 Om die onderskeie dissiplines betrokke by mens–dierinteraksie te identifiseer en die aard van elk se betrokkenheid te omskryf, om daardeur te bepaal of mens–dierinteraksie wel 'n multidisiplinêre studieveld is. (Vergelyk Hoofstuk 2.)
- 1.4.2. Om die verskillende diensterreine in maatskaplike werk, waarby mens–dierinteraksie betrokke is, te identifiseer en daardeur die rol wat die maatskaplike werker in die multidisiplinêre span kan speel, te illustreer. (Vergelyk Hoofstuk 3.)
- 1.4.3. Om vertrekpunte vir multidisiplinêre samewerking te bepaal wat as riglyne ter bevordering van die studieveld kan dien. (Vergelyk Hoofstuk 4.)
- 1.4.4. Om te bepaal in watter mate die studieveld reeds aan die vereistes vir selfstandigheid voldoen sodat leemtes in die proses van ontwikkeling geïdentifiseer word. (Vergelyk Hoofstuk 5.)

1.4.5. Om vanuit die gevolgtrekkings gemaak uit 1.4.1 - 1.4.4, aanbevelings te maak en 'n spesifieke strategie voor te stel, wat mens-dierinteraksie as selfstandige multidisiplinêre studieveld in Suid-Afrika, sal bevorder.

1.5. NAVORSINGSVRAAG/HIPOTESE

In hierdie ondersoek word van 'n navorsingsvraag gebruik gemaak. De Vos (1998:115-116) onderskei tussen 'n navorsingsvraag en 'n hipotese soos volg: "Questions are posed about the nature of real situations, while hypotheses are statements about how things can be. Research questions are more relevant if the researcher works qualitatively, and a hypotheses when the researcher works quantitatively". 'n Hipotese word deur McBurney (1994:47) omskryf as: "...a statement that is assumed to be true for the purpose of testing its validity". 'n Hipotese wys op die verband tussen veranderlikes. In hierdie ondersoek word nie van 'n hipotese gebruik gemaak nie, omdat geen voorveronderstellings met betrekking tot mens-dierinteraksie as multidisiplinêre studieveld getoets word nie, en veranderlikes word nie teenoor mekaar gestel nie. In die gebruik van 'n verkennende ontwerp, is 'n navorsingsvraag, eerder as 'n hipotese, die mees aangewese. Die doel met die navorsingsvraag is: "...to narrow down the problem to a workable size" (De Vos & Van Zyl, 1998:267). Die navorsingsvraag word aangepas soos nuwe inligting oor die onderwerp bekom word: "While the initial question starts out broadly, it becomes progressively narrowed and more focused during the research process, as concepts and their relationships are discussed to be relevant or irrelevant" (De Vos & Van Zyl, 1998:268).

Die aanvanklike navorsingsvrae vir hierdie ondersoek was:

- ☛ Is mens-dierinteraksie 'n selfstandige studieveld?
- ☛ Is hierdie 'n multidisiplinêre studieveld?
- ☛ Is maatskaplike werk deel van hierdie span?

Met verloop van die literatuurondersoek het dit egter gou geblyk dat op al drie van hierdie vrae 'Ja' geantwoord kan word. Die navorsingsvrae is na aanleiding hiervan vernou en herformuleer as:

- ☛ Watter dissiplines is betrokke by die studieveld mens–dierinteraksie, en wat is die aard van elk se betrokkenheid?
- ☛ Wat is die omvang van maatskaplikewerk se betrokkenheid by die studieveld en rol in die multidisiplinêre span?
- ☛ Hoe behoort multidisiplinêre samewerking in die bevordering van die studieveld daaruit te sien?
- ☛ Tot watter mate voldoen die studieveld reeds aan die kriteria vir selfstandigheid?

1.6. NAVORSINGSBENADERING

Die keuse tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing is in die sosiale wetenskappe dikwels 'n onderwerp van debat. Dit blyk dat die tradisionele grense tussen die twee werkwyses, veral wat betref multidisiplinêre navorsing, vervaag het en dat hulle juis aanvullend tot mekaar benut kan word. Ten opsigte hiervan laat Schurman (1983:116) hom soos volg uit: “...the two approaches should not be viewed as being oppositional. Properly used, both can enhance our understanding of the world. In fact, in some studies they can be used in conjunction with each other in a complementary way. Qualitative methods may often lead to important understandings missed in quantitative research”. Mouton (1996:40) sê dat die keuse in benadering deur die aard van die navorsingsprobleem bepaal word: “At the methodical and technical level, most researchers accept that quantitative and qualitative tools are compatible and that the choice for their inclusion in a particular project is determined by the specific research problem”. Reeds in 1989 het Rowan (1989:4) 'n pleidooi gelewer dat argumente oor die waarde van kwalitatiewe vs kwantitatiewe benaderings nie die ontwikkeling in die studieveld van mens–dierinteraksie moet strem nie: “I would like to make a very strong plea that we do not allow the human–animal bond field to be disrupted by sterile arguments over the superiority of one or the other approach. The fact is that both approaches have weaknesses and strengths that tend to complement one another”. Die komplimentêre aard van die twee benaderings word dus tot voordeel van hierdie ondersoek benut.

Alhoewel hierdie ondersoek oorwegend 'n kwalitatiewe benadering volg, word kwantitatiewe data benut ter ondersteuning van kwalitatiewe data. Die kombinerings van kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes word in die literatuur na verwys as “triangulation”. “Triangulation”

impliseer dat verskillende verwysingsraamwerke benut word in die analisering van data (“theoretical triangulation”), ‘n verskeidenheid steekproeftrekkingstrategieë gebruik word (“data triangulation”), verskeidenheid ondersoekers gebruik word (“investigator triangulation”), of dat meer as een metode van data-insamelingsprosedures aangewend word (“methodological triangulation”) (De Vos, 1998:359). Die afleiding kan dus gemaak word dat in hierdie ondersoek daar sprake van sowel “data triangulation” as “methodological triangulation” is, omdat doelgerigte- én sneeubalsteekproeftrekking gebruik is, en omdat die onderhoudskedule kwalitatiewe én kwantitatiewe data ingesamel het. Hierdie mate van kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe data stem tot ‘n mate ooreen met die gemengde metode ontwerp (“mixed methodology design model”) soos deur Creswell (De Vos, 1998:361) voorgestel. “Triangulation” bevorder volgens Macun & Posel (1998: 129) betroubaarheid in die navorsingsproses: “...the problem of reliability...is best tackled through triangulation ...Therefore, rather than relying on any one research method to replicate the data produced by another, we can more fruitfully treat each method as providing complementary sorts of data”. Betroubaarheid is dus geleë in die kohesie of samehang van ‘n geïntegreerde antwoord op die navorsingsvrae.

Kwalitatiewe data is in hierdie studie gebruik om die aard en omvang van elk van die dissiplines se betrokkenheid by die studieveld te omskryf, die diensterreine in Maatskaplike Werk waar mens–dierinteraksie ‘n rol speel te identifiseer, die rol van die maatskaplike werker in die multidisiplinêre span te bepaal, en algemene beginsels vir multidisiplinêre samewerking daar te stel. Kwantitatiewe data is benut om die aantal dissiplines betrokke by mens–dierinteraksie te identifiseer, die omvang van multidisiplinêre bewustheid en samewerking vas te stel, en die studieveld aan die kriteria vir selfstandigheid te toets. Metodes van data-insameling is dus aangepas om sodoende eerstehandse kennis en ‘n oorsig van die studieveld te verkry. De Vos (1998:358) stel dit soos volg: “When working from a qualitative perspective the researcher attempts to gain a first-hand, holistic understanding of phenomena, and data collection gets shaped as the investigation proceeds...valid understanding can be gained through accumulated knowledge acquired first-hand by a single researcher”.

Vanaf Januarie 2001 word 'n kortkursus in diergefasiliteerde aktiwiteite ('Animal-Assited Activities') deur Ethology Consultancy in samewerking met die Technikon Pretoria aangebied. Hierdie kursus betaan uit die volgende modules:

- 'n Teoretiese agtergrond;
- die helpende verhouding;
- begrip vir diere ('Understanding Animals');
- bekendstelling aan bestaande programme in Suid Afrika; en
- die implementering van 'n program.

5.3.5. NAVORSING

Die multidisiplinêre aard van die studieveld bied veral moontlikhede in 'n tyd waarin spesialisasie dreig om navorsers hul perspektief te laat verloor. Navorsing in die studieveld van mens–dierinteraksie was sedert die ontstaan daarvan holisties en nuwe dissiplines het deurgaans toegetreë (Odendaal, 1988:19). Hierdie ontwikkeling het enersyds die studieveld bevorder, maar het ook leemtes uitgelig.

Multidisiplinêre navorsing word deur Lovas & Vyroost (1996:223) omskryf as: “...a type of research in which different perspectives related to scientific disciplines are applied and unified for the study of specific problems” en deur Zajac (1996:99) as: “...a type of research

performed by the participation of two or more existing disciplines. The decision to be made is whether or not the outcome of this integration is a new research field". Gasparíková *et al.* (1996:7) sien die doel van multidissiplinêre navorsing as: "...to create new branches of knowledge..." en: "...to see the confirmation of continuity with previous knowledge..." Kavaloski (1979:225) lê weer meer klem op die voordeel van multidissiplinêre navorsing: "Since the overwhelming preponderance of intellectual investigation and research is done within separate disciplines, with consequently far less effort expended in looking at the intersections of the disciplines, it seems plausible that there is greater opportunity for fresh knowledge to emerge from integrated inquiry and making connections between disciplines".

Multidissiplinêre navorsing in die hierdie studieveld kan dus gesien word as boublokke in die proses van wetenskapsontwikkeling. Bestaande kennis en vaardighede vanuit verskillende dissiplines word dus oor tyd geselekteer om 'n nuwe konseptuele raamwerk te vorm. Die teoretiese onderbou van 'n studieveld bepaal die grondreëls of vertrekpunt vir die verklaring van verskynsels en vir die toepassing van kennis en vaardighede in die praktyk. Volgens Wilson (1998:xiii) moet daar nog vir mens–dierinteraksie as studieveld 'n eie teoretiese onderbou gedefiniëer word: "Still growing and developing as a discipline, HAI research has yet to define its own theory base and methodologies. Yet the growing maturity of the field is manifested by the obvious attention to the need for strong conceptual frameworks and meticulously applied methodologies". Die navorsingsuitdaging is dus nie net geleë in goed ontwerpte studies of positiewe resultate nie; dit is reeds bereik. Die uitdaging is: "...whether we can now build a scientific literature that has a unified theory base that allows evaluation of the impact and the process of the human-animal interaction in a wide variety of samples" (Wilson, 1994:22).

Teoretiese vertrekpunte hang nou saam met die keuse van navorsingmetodologie. Gasparíková *et al.* (1996:9) is van mening dat 'n navorsingsbenadering nie ontwikkel kan word voordat die volgende twee basiese teoretiese vrae nie beantwoord is nie, naamlik: "What are we asking for? This determines the question: How do we interpret the results?" Die studieveld van mens–dierinteraksie kan reeds hierdie vrae beantwoord. Die navorsingvraag is nie meer of positiewe mens–dierinteraksie die lewenskwaliteit van sekere teikengroepe bevorder, terapeutiese en ontwikkelingswaarde het of multidissiplinêr van aard is nie. Hierdie vrae is reeds deur navorsing van die afgelope dekade beantwoord. Hierdie drie komponente; lewenskwaliteit, terapeutiese- en ontwikkelingswaarde en multidissiplinariteit kan as teoretiese vertrekpunte vir voortgesette navorsing dien. Waarna vra ons? : *Hoe, waar en wanneer word mens-dier interaksie programme benut? Hoe word die resultate geïnterpreteer? : Vanuit 'n multidissiplinêre raamwerk.*

Die multidissiplinêre aard van navorsing in die studieveld veroorsaak dat grense tussen navorsingsmetodes verskuif word: "...studies in the companion animal field often cross boundaries between traditional academic and professional disciplines, and call for a mix of methodologies that are likely to go beyond the expertise of any particular area " (Nicholson & Podberscek, 1994:3). Ook Chen (1986:184) beklemtoon die belangrikheid van 'n kombinasie van navorsingsmetodes, maar Francis (1988:278) is van mening dat multidissiplinêre navorsing slegs in 'n toegepaste vorm uitgevoer kan word: "...its multidisciplinary nature being perceived when a receiver decodes and integrates the findings of the research venture in the context of a specific educational setting". Om net navorsingsbevindings vanuit 'n spesifieke dissipline toe pas op 'n volgende dissipline kan nie as multidissiplinêre navorsing beskou word nie. Multidissiplinêre navorsing vind alleen plaas as navorsers vanuit verskillende dissiplines die navorsingsproses saam beplan en deurloop en die resultate vanuit 'n multidissiplinêre raamwerk interpreteer.

Kennis van 'n studieveld spruit egter nie net voort uit formele navorsing nie. Die bydrae wat praktykkennis en -ervaring lewer tot die ontwikkeling van 'n studieveld, asook die bydrae wat dit lewer tot die stimulering van navorsing moet nie uit die oog verloor word nie. Die studieveld van mens–dierinteraksie leen hom veral hiertoe: "Contributions to our knowledge in the field of companion animal studies come from both those with practical 'hands on' experience of working with animals and their owners, and from academic researchers who strive to illuminate the patterns and trends in the behaviour of the different species and the nature of their relationship with us" (Nicholson, 1996:4). Daar is egter 'n verskil in die benaderings van akademië en praktisyns. Dikwels word dieselfde onderwerp om verskillende redes bestudeer en ook deur middel van verskillende terminologië omskryf. Kompetisie tussen navorsers en praktisyns hou 'n verdere bedreiging vir die studieveld in. 'n Paradoks bestaan daarin dat praktisyns resultate ervaar in die toepassing van mens–dierinteraksieprogramme en hierdie programme al meer implementeer, terwyl navorsers nie dieselfde mate van sukses ervaar nie. Sevais (1999:5) maak die volgende opmerking hieroor: "Either practitioners are victims of illusions – they see more than what really happens – or researchers are blind to essential things which escape their scientific methods". Die gevaar bestaan dat kennis in hierdie studieveld in verskillende rigtings kan ontwikkel wat 'n bedreiging vir die selfstandigheid daarvan inhou: "If indeed the pathways develop separately, then it is unlikely that we will ever have an independent discipline of companion animal studies..." (Sevais, 1999:5).

Om op die gebied van navorsing in hierdie studieveld vooruit te gaan is teorie en praktyk dus interafhanklik van mekaar: “The experience of practitioners is a wasted resource if it is not developed into testable hypotheses, and the theories of academics are irrelevant if they have no application in practice” (Nicholson, 1996:5). Praktisyne kan ook waardevolle navorsingsbydraes lewer deur databasisse op te stel in die vorm van gevallestudies (Hines&Fredrickson, 1998:36). Kritiese evaluering van navorsingsresultate en aksies ter verbetering daarop, is dus die verantwoordelikheid van sowel navorsers as praktisyne (Barba, 1995:14). Die multidisiplinêre aard van die studieveld en die dikwels nie-komplimentêre verhouding tussen teorie en praktyk kan met ander woorde sowel die sterk punt as die leemte in die verdere ontwikkeling van die studieveld wees. Teorie en praktyk word gereflekteer in navorsing en projekte wat in 'n interaktiewe verhouding tot mekaar behoort te staan. Navorsers en praktisyne is dus interafhanklik van mekaar en behoort saam te werk om mens-dierinteraksieprogramme op 'n meer wetenskaplike basis te implementeer en om nie rigied te wees in die beoordeling van suksesse in die praktyk nie.

Die sterk punte en leemtes in navorsing oor mens-dierinteraksie in die laaste dekade word deur verskeie navorsers uitgewys. Garrity & Stallones (1998:19) kom tot die volgende gevolgtrekking met betrekking tot navorsing oor die afgelope twee dekades:

- ☛ die voordele van kontak met geselskapsdiere wat deur middel van navorsing oor die afgelope twee dekades uitgewys is, het oor die algemeen konsekwent gebly;
- ☛ voordele op sowel sielkundige-, fisiese-, sosiale- as gedragsvlakke is uitgewys;
- ☛ die voordele van interaksie is onderhewig aan sekere omstandighede en identifisering van hierdie omstandighede behoort 'n belangriker komponent van toekomstige navorsing uit te maak; en
- ☛ mens-dierinteraksie hou direkte voordele vir die mens in en dien ook as buffer vir bedreigende lewensomstandighede.

Barba (1995:9-14) het ondersoek ingestel na die aard en omvang van navorsing vir die tydperk 1988 - 1993 en het onder andere bevind dat sekere teikengroepe onderverteenwoordig word in die keuse van populasies, naamlik persone in landelike omgewings, persone in hul middeljare, adolessente en geïnstusionaliseerde bejaardes. Ander leemtes in navorsing vir die tydperk 1988 - 1993 wat deur haar uitgewys word, is 'n tekort aan steekproefgroottes wat op wiskundige berekenings en kragveldanalises

gebasseer is, teoretiese raamwerke en die betroubaarheid en geldigheid van sommige van die meetinstrumente. Hierdie leemtes in navorsingsprosedures is waarskynlik universeel en nie net van toepassing op navorsing in die studieveld van mens–dierinteraksie nie.

Vir die wetenskaplike ontwikkeling van die studieveld is dit belangrik om ten alle tye objektiwiteit te behou en beperkings te erken. Van die leemtes in navorsing oor mens–dierinteraksie wat deur Rowan & Beck (1994:87) gestel word is: “...a better appreciation of the diseases and injuries that are or might be associated with animal interactions as well as more data on the problems of human psychological dependence on companion animals, for example, excessive grief responses on the death of a companion animal and the accumulation of large numbers of companion animals to the point where they constitute a threat to animal and human welfare”. Ook Garrity & Stallones (1998:7-8) beskou dit as ‘n leemte in navorsing dat aandag nie gegee word aan die moontlike negatiewe effek van mens–dierinteraksie nie: “Pets may be seen as increasing the problems of life, however rather than alleviating them; animal bites and allergens have received attention in the literature and do have obvious effects on human well-being. Research in this area would profit from attempts to clarify pet support effects in positive and negative directions”.

Nog ‘n leemte in mens–dierinteraksie navorsing word deur Wilson & Turner (1998:60) uitgewys: “A longtime weakness of HAI research has been its propensity to create instruments for each study, rather than use previously constructed tools that would allow aggregation and eventually norming of data to occur”. Voldoende meetinstrumente, wat spesifiek ontwerp en in meeste gevalle gestandaardiseer is, bestaan, wat deur navorsers gebruik kan word. Bestaande meetinstrumente kan eerder aangepas word of verder ontwikkel word om nuwe hipoteses en navorsingsvrae te ondersoek. Die benutting van reeds bestaande meetinstrumente behoort ook die koste verbonde aan navorsing te verminder.

Navorsingsbefondsing is ‘n belangrike ondersteuningsmeganisme en blyk een van die groot leemtes in die ontwikkeling van die studieveld te wees: “Continued and, perhaps, expanded support from industrial sources and opportunistic inclusion in governmentally sponsored projects may provide the engine that will move researchers forward more rapidly in this enterprise” (Garrity & Stallones, 1998:19).

In die studie gedoen deur Barba (1995:10-11) is bevind dat ongeveer 60% van die navorsing nie deur enige vorm van befondsing ondersteun word nie en wat volgens Rowan (1995:130) ‘n ernstige stremming plaas op die ontwikkeling van die studieveld. Finansiële voordeel word

wel getrek uit die populariteit van hierdie studieveld by die media en algemene publiek. Wetenskaplike bevindings word dikwels 'vertaal' in populêre taal wat groeiende belangstelling wek: "Scientific information summarized in lay language fed the growing public interest in anything to do with pets. Broad public awareness of these studies encouraged funding from the pet food industry and other sources for further studies" (Hines & Fredrickson, 1998:24).

Die probleem met betrekking tot navorsing in hierdie veld is egter dat dit relatief duur is vanweë die tipe navorsing waaraan daar 'n behoefte is en die grootte van potensiële studiepopulasies (Beck & Meyers, 1996:254). Multidisiplinêre navorsing is egter op die oomblik 'n belangrike prioriteit in Suid-Afrika, en is deur die NRF (2000:2) as een van die fokusareas vir navorsing geïdentifiseer. Dit is dus moontlik dat befondsing hiervoor in die toekoms meer geredelik beskikbaar sal wees. In dieselfde verklaring deur die NRF (2000:3) word gesondheid, welsyn ('well-being') en lewenskwaliteit as potensiële fokusareas vermeld. Die studieveld van mens–dierinteraksie hou met al drie genoemde fokusareas verband.

5.4. SAMEVATTING

Die wetenskaplike ontwikkeling van 'n studieveld deurloop 'n proses van evolusie waarvan die ontstaan altyd debatteerbaar is. Indien die ontstaan van mens–dierinteraksie as studieveld aan publikasies gekoppel word, sal Konrad Z Lorenz, 'n Oostenrykse Nobelpryswenner wat in die vyftigerjare die veld oorheers het, waarskynlik die eer kry. Indien die doelbewuste toepassing en opskrifstelling van mens–dierinteraksieprogramme egter as vertrekpunt gebruik word, sal Boris Levinson, 'n psigiater van New York, wat in die sestigerjare na vore getree het, as die pionier in die studieveld beskryf word (Odendaal, 1988:4&9). Die proses het sedert dié tydperke, danksy navorsing, publikasies, wetenskaplike verenigings, internasionale kongresse en akademiese onderrig, momentum gekry. Tot watter mate die studieveld verder gaan ontwikkel, en tot watter mate die aard en omvang daarvan gaan verander, sal net die tyd leer.

Tans geniet mens–dierinteraksie op 'n multidisiplinêre vlak internasionale erkenning. Dit blyk dat die multidisiplinêre aard daarvan juis een van die sterk punte van hierdie studieveld is, omdat wetenskaplike kennis vanuit verskillende verwysingsraamwerke 'n unieke korpus van kennis daargestel het. 'n Multidisiplinêre benadering ten opsigte van die toepassing van 'n wetenskap, om daardeur nuwe tegnologie vir die aanspreek van gemeenskapsbehoefte daar te stel, het 'n sinergistiese effek. Vanuit die

wetenskapsfilosofie word 'wetenskaplikheid' dikwels bevraagteken. Die doel van die filosofie is juis om vrae te vra, en nie om antwoorde te bied nie. Hierdie bevraagtekening, ook ten opsigte van 'n studieveld, moet as 'n uitdaging gesien word. Vraagstelling stimuleer ontwikkeling deurdat daar vanuit verskillende uitgangspunte op die vrae reageer word, wat weer verdere vrae stimuleer en so word die evolusieproses aangehelp.

Gemeet aan die kriteria vir selfstandigheid, blyk dit dat mens-dierinteraksie as studieveld tot 'n baie groot mate in die toets slaag. Meer as 47 wetenskaplike verenigings is geïdentifiseer waarvan die doelwitte tot 'n groot mate ooreenstem en wat hulself as multidisiplinêre verenigings beskryf. Hierdie verenigings word internasionaal verteenwoordig deur 21 lande. Sedert 1980 het daar agt wêreldkongresse plaasgevind. Die multidisiplinêre aard van die byeenkomste het stelselmatig ontwikkel en het 'n hoogtepunt bereik tydens die laaste kongres in 1998 waar ten minste 19 dissiplines deur referaatonderwerpe gedek is. Publikasies in hierdie veld is omvangryk. Nie minder nie as 44 wetenskaplike tydskrifte, wat ongeveer 10 dissiplines verteenwoordig, is geïdentifiseer. Hierdie is almal geakkrediteerde tydskrifte wat aan minimum standaarde vir publikasie voldoen. Die tydskrif wat hom egter in wetenskaplike geledere gevestig het as die multidisiplinêre verteenwoordiger van die studieveld, is ongetwyfeld die *Anthozoös*. Ten spyte van die klem wat in die literatuur gelê word op die noodsaaklikheid van multidisiplinêre opleiding en kurrikulumontwikkeling, word die grootste leemte in hierdie area geïdentifiseer. Alhoewel die studieveld aan al die vereistes vir 'n multidisiplinêre akademiese plan, soos deur Chen (1986:185) voorgestel voldoen, kom mens-dierinteraksie as selfstandige studieveld nog nie in die kurrikula van die onderskeie dissiplines tot sy reg nie. Voldoende praktiese en teoretiese riglyne bestaan om akademiese instellings in staat te stel om hierdie programme te implementeer.

Navorsing in die studieveld het in die afgelope dekade 'n hoogtepunt bereik. Voldoende teoretiese raamwerke en praktykmodelle bestaan om as vertrekpunte vir voortgesette navorsing te dien. Die uitdaging wat gestel word, is om van nou af hierdie vertrekpunte te benut om multidisiplinêre navorsingsprogramme aan te pak. Indien die behoeftes van 'n veranderende lewensomgewing hierdeur aangespreek word, sal navorsingsbefondsing ook gestimuleer word. Die grootste uitdaging wat ten opsigte van navorsing in hierdie studieveld gestel kan word, is dat navorsers en praktisyns 'n positiewer houding ten opsigte van samewerking sal openbaar en hul kennis en vaardighede saamvoeg om navorsingsprojekte te onderneem. Kritiese evaluering van navorsingsprosedures en -resultate, en daarmee saam aksies om dit te verbeter, behoort ook meer aandag te kry.

Belangrike mylpale is reeds bereik in die ontwikkeling van mens–dierinteraksie as selfstandige studieveld. Die proses kan egter nie hier ten einde loop nie. Wetenskaplike verenigings kan net bly voortbestaan indien hulle hul gestelde doelwitte uitleef. Internasionale kongresse en byeenkomste kan alleen plaasvind indien navorsing aan minimum standarde voldoen en tred hou met 'n veranderende makrosisteem. Wetenskaplike publikasies is op hul beurt afhanklik van navorsing, terwyl akademiese onderrig die basis vorm vir die opleiding in navorsingsmetodologie en stimulering van navorsingsvrae. Hierdie vyf kriteria is dus interafhanklik van mekaar en behoort in totaliteit binne 'n strategie vir die bevordering van die studieveld aangespreek te word.

In die volgende hoofstuk word die resultate van die empiriese ondersoek weergegee en breedvoerig bespreek.

HOOFSTUK 6

EMPIRIESE ONDERSOEK

6.1. INLEIDING

'n Uitgebreide literatuurstudie het dit moontlik gemaak om die onderhoudskedule vir doeleindes van die empiriese ondersoek saam te stel. Strydom (1998:179) sê in dié verband: “The prospective researcher can only hope to undertake meaningful research if he is fully up to date with existing knowledge on his prospective subject...He must trace all available literature which is broadly and specifically relevant to his subject”. Alhoewel literatuur geredelik beskikbaar was, was die identifisering van dissiplines betrokke by die studieveld en diensterreine in maatskaplike werk daaruit, afhanklik van die navorser se bestaande kennis oor die studieveld mens–dierinteraksie. Terminologie in die studieveld word nie eenvormig gebruik nie en daarom kon daar nie altyd uit die titels van bronne afgelei word of die bron bruikbaar is nie, en ook nie op watter dissipline die inhoud van toepassing is nie.

Die onderhoudskedule het sowel oop as geslote vrae bevat, en is dus as 'n semi-gestruktureerde onderhoudskedule benut. (Vergelyk Bless & Higson-Smith, 1995:107 en Kvale, 1996:129.) Kwalitatiewe asook kwantitatiewe data is hierdeur verkry. By die gebruik van oop vrae is respondente die geleentheid gegee om te 'beskryf', te 'verduidelik' of te 'motiveer'. Respondente is op dié wyse gestimuleer om oor die inhoud van die vraag na te dink. (Vergelyk Fouché, 1998:160.) Tydens die verwerking van die data verkry uit oop vrae, is soms gefokus op die raakpunte tussen temas wat aangeraak is en voorbeelde gegee en nie op die spesifieke woorde wat die respondente gegee het nie. Hierdie is volgens Dane (1990:129) 'n aanvaarbare metode van verwerking van data ten spyte van die feit dat dié mate van buigzaamheid as een van die nadele tydens semi-gestruktureerde onderhoudvoering beskou word. Van der Merwe (1996:156 & 295) is van mening dat die waarde van die inligting nie noodwendig hierdeur verminder word nie omdat dit 'n proses van verkenning en beskrywing is.

Moontlike response op geslote vrae is afgewissel met 'n kontrolelys ('Watter een of meer'); 'n nominale skaal ('Ja, Nee, Onseker') of vergelykende skaalwaarde ('Prioritiseer'). Oop vrae is met geslote vrae afgewissel. Die verskillende respons-opsies en afwisseling van tipe vrae, het stereotipering voorkom sodat respondente ten alle tye ten volle betrokke by die onderhoud was. (Vergelyk Fouché, 1998:167-170.)

Omdat 'n kombinasie van doelgerigte steekproefneming en die sneeбалtegniek (Strydom & De Vos, 1998:198 & 200) gebruik is, was die proses van data-insameling duur en tydrowend. 'n Kerngroep van potensiële respondente, voortspruitend uit persoonlike kontakte wat uit eie betrokkenheid by die studieveld oor die afgelope jaar opgebou is, was beskikbaar as vertrekpunt. Verwysings moes van hier af persoonlik opgevolg word. Gemiddeld drie telefoonoproepe per potensiële respondent is gemaak voordat uitsluitel gekry kon word of die respondent aan die kriteria vir seleksie voldoen. Hierdie oproepe het gemiddeld 10 tot 45 minute geduur, omdat die onderwerp wye belangstelling ontlok het. 'n Hele aantal langafstandoproepe, wat nie na ure gemaak kon word nie, was hierby ingesluit wat die proses van steekproefneming duurder gemaak het. Hierdie telefoniese kontakte het egter 'n belangrike rol gespeel in die daarstelling van rapport (Neuman, 1994:342 en Schurink, 1998:302) wat tot die sukses van die uiteindelijke onderhoud bygedra het.

Altesaam 45 respondente is geïdentifiseer. Die doel was om twee respondente per dissipline, soos tydens die literatuurstudie geïdentifiseer, te kies. Drie-en-twintig dissiplines is tydens die literatuurstudie geïdentifiseer. Behalwe in die geval van sosiologie, waar slegs een persoon in Suid-Afrika gevind kon word wat aan die kriteria vir seleksie voldoen het, is hierdie doel bereik. Respondente is eerstens op grond van hul betrokkenheid by mens-dierinteraksie as studieveld gekies en tweedens as verteenwoordiger van 'n spesifieke dissipline. Die steekproef kan dus as verteenwoordigend van die populاسie ter sprake beskou word (Strydom & De Vos, 1998:193). Om 'n gelyke verteenwoordiging vanuit elk van die 23 dissiplines te kry, is besluit op slegs twee respondente per dissipline omdat daar twyfel bestaan het of daar in ál 23 die dissiplines meer as twee persone aan die kriteria sou voldoen. Volgens Bless & Higson-Smith (1995:88) sal daar dus nie vanuit die resultate, met betrekking tot die onderskeie dissiplines, veralgemeen kan word nie. Omdat die fokus van die ondersoek op multidisiplinêre verteenwoordiging gerig was, was dit egter belangriker om in totaal 'n verteenwoordigende groep te kry as per dissipline.

Nadat respondente geïdentifiseer is, kon afsprake bevestig word. Ten spyte van pogings om hoofsaaklik respondente in Gauteng te identifiseer, was dit nodig om enkele onderhoude (vyf) in die Wes-Kaap te gaan voer. Die geskiktheid van die respondent het hierin swaarder

geweeg as die koste-implikasie. Een van die nadele van persoonlike onderhoude, naamlik dat dit tydrowend en duur is, was hier ter sprake. (Vergelyk Neuman, 1994:245 en Bless & Higson-Smith, 1995:110.) Afsprake moes ten alle tye by sowel eie as respondente se week-en maanbeplannings inpas. Afsprake moes ook dikwels geskuif word wanneer respondente onvoorsiene werk- of ander verpligtinge moes nakom. Die eerste onderhoud is op 1 Junie 2000 gevoer en die laaste onderhoud op 21 September 2000. Die ondersoektydperk is so kort as prakties moontlik gehou om die effek van onvoorspelbare eksterne faktore, soos byvoorbeeld mediadekking of publisiteit oor resente navorsing, wat bewustheid kon verhoog (Van der Walt *et al.*, 1996:396), te beperk. Dane (1990:80) verwys hierna as 'history effects' en omskryf dit as: "...whenever some uncontrolled event alters participants' responses...If, for example, there had been a great deal of publicity about (the topic) during the time we were conducting our experiment..." Alhoewel hierdie voorbeeld verwys na eksperimentele navorsing, blyk dit tog van toepassing hier ook te wees.

Die duur van die onderhoude was onvoorspelbaar. Alhoewel die skedule binne 20 – 30 minute voltooi kon word, het sowel die oop- as geslote vrae heelwat reaksie ontlok. Onderhoude het nooit minder as 45 minute geduur nie en in sommige gevalle selfs so lank as twee ure per respondent. Omdat die respondente doelgerig gekies is, het almal 'n belangstelling in die studieveld getoon en het hulle eie kennis en ervarings vrylik gedeel asook heelwat vrae aan die navorser self gestel. Daar is ten alle tye daarteen gewaak om nie eie kennis, menings of ervarings te deel voordat die formele deel van die onderhoud afgehandel is nie, omdat dit moontlik die response kon beïnvloed. Neuman (1994:247) waarsku teen hierdie vorm van beïnvloeding.

Die vrae in die onderhoudskedule is volgens vyf onderafdelings saamgegroepeer, naamlik:

- ☛ Persoonlike betrokkenheid by die studieveld (vraag 4.1. – 4.2.)
- ☛ Aard van betrokkenheid by mens–dierinteraksie as studieveld deur die dissipline verteenwoordig (vraag 5.1. – 5.2.)
- ☛ Ander dissiplines betrokke by die studieveld (vraag 6.1. – 6.3.)
- ☛ Multidissiplinêre samewerking (vraag 7.1. – 7.4.)
- ☛ Mens–dierinteraksie as selfstandige studieveld (vraag 8.1. – 8.2.)

LW: Vraag 7.2 is van toepassing op sowel multidisiplinêre samewerking as die selfstandigheid van die studieveld. Die onderhoudskedule is aanheg as **Bylae 1**.

Die onderhoudskedule is ontwerp na aanleiding van die literatuurnavorsing en korreleer soos volg met die hoofstukindeling:

- ☛ Hoofstuk 2: Dissiplines betrokke by die studieveld mens–dierinteraksie (vraag 5.1. – 6.2.)
- ☛ Hoofstuk 3: Diensterreine in maatskaplike werk betrokke by mens–dierinteraksie (vraag 6.3.)
- ☛ Hoofstuk 4: Multidisiplinêre samewerking ter bevordering van die studieveld (vraag 7.1. – 7.4.)
- ☛ Hoofstuk 5: Die ontwikkeling van mens–dierinteraksie as selfstandige studieveld (vraag 8.1. – 8.2.)

Die temas wat in die onderhoudskedule gedek is, hou direk verband met die titel van die ondersoek en die doelwitte, soos uiteengesit in Hoofstuk 1, bladsy 8 & 9. Die doelwitte van die ondersoek is by die aanvang van die onderhoud aan die respondent gestel sodat die relevantheid van die vrae duidelik was. Die meetinstrument het dus aan die vereistes vir inhoudsgeldigheid en gesiggeldigheid, soos deur De Vos & Fouché (1998:84) beskryf, voldoen.

Vervolgens word die resultate verkry uit die empiriese ondersoek per vraag, soos dit in die onderhoudskedule voorkom, weergegee:

6.2. PERSOONLIKE BETROKKENHEID BY DIE STUDIEVELD

<p>Vraag: "By watter van die volgende kriteria met betrekking tot mens–dierinteraksie sou u uself plaas?" (Meer as een opsie kon uitgevoer word.)</p>


Vervolgens word 'n profiel van die respondente gegee volgens hul persoonlike betrokkenheid by mens–dierinteraksie as studieveld:

TABEL 1 Persoonlike betrokkenheid van respondente by die studieveld mens-dierinteraksie volgens ses gestelde kriteria

Kriteria (N=45)	f	%
a) Toon 'n belangstelling, bv. lidmaatskap aan 'n vereniging of deelname aan georganiseerde gesprek	26	57,7
b) Bywoning van 'n kongres of wetenskaplike byeenkoms oor die studieveld	12	26,6
c) Publikasie, hetsy wetenskaplik of populêr, oor 'n relevante onderwerp	17	37,7
d) Betrokke by enige vorm van navorsing, bv. eie navorsing, spannavorsing of navorsingsbegeleiding	20	44,4
e) Betrokke by mens-dierinteraksieprogramme in praktyk, hetsy direk by die implementering daarvan of indirek, bv. in 'n raadgewende hoedanigheid	26	57,7
f) Betrokke by opleiding, bv. aanbied van lesings/kursusse, opstel van lesingmateriaal of bywoning van 'n opleidingsgeleentheid	26	57,7

Skematies kan die respondente se persoonlike betrokkenheid by die studieveld van mens-dierinteraksie soos volg voorgestel word:

FIGUUR 6 Profiel van respondente volgens gestelde kriteria vir deelname aan die ondersoek



Die profiel van die respondente word vervolgens verder toegelig:

- ☛ Omdat meer as een opsie hier uitgevoer kon word, is die totale van die frekwensies en persentasies nie van toepassing nie.
- ☛ Lidmaatskap aan verenigings of deelname aan georganiseerde gesprek, praktyk-programme asook opleidingsprogramme is as die belangrikste kriteria vir betrokkenheid by die studieveld aangedui (57,7% elk).
- ☛ Minder as die helfte van die respondente (44,4%) is betrokke by navorsing, en slegs 37,7% het al oor die onderwerp gepubliseer. Alhoewel daar 'n verband bestaan tussen navorsing en publikasies, moet daarop gelet word dat die vraag ook populêre publikasies ingesluit het wat nie noodwendig met navorsing verband hou nie.
- ☛ Alhoewel slegs 26,6% van die respondente al 'n kongres of ander wetenskaplike byeenkoms oor die onderwerp bygewoon het, is dié syfer tog hoog as in ag geneem word dat hierdie tipe byeenkomste in Suid- Afrika beperk is.
- ☛ Navorsing, publikasies en kongresbywoning word meestal as akademiese uitsette beskou en dit is moontlik hoofsaaklik die reaksies van respondente vanuit die akademie. Meer as die helfte (55,5%) van die respondente was tydens die ondersoek verbonde aan 'n tersiêre akademiese instelling.
- ☛ Alhoewel die persentasie respondente betrokke by opleiding hoog is (57,7%), gee dit nie 'n aanduiding van die omvang waarin mens–dierinteraksie as onderwerp by bestaande kurrikulum ingesluit word nie. Lesings en kursusse in mens–dierinteraksie word ook deur akademici en praktisyns, voortspruitend uit hul eie betrokkenheid by die studieveld, aangebied aan sowel akademiese as publieke gehore.
- ☛ Belangrik om by hierdie resultate in aanmerking te neem, is dat dit individuele response is en geen aanduiding gee van multidisiplinêre samewerking op elk van dié gebiede nie. Belangstelling in die studieveld en betrokkenheid by programme en opleiding is dus bo-gemiddeld (57,7%), maar dit kan steeds binne 'n dissipline of persoonsgebonde wees. Hierdie vraag sou die vrae rondom multidisiplinêre samewerking (kyk punt 6.7) kon aanvul indien dit verder uitgebrei is deur te klarifiseer watter kriteria multidisiplinêr van aard is.

Van groter belang by hierdie vraag is egter watter persentasie van die respondente aan hoeveel van die kriteria voldoen? Hierdie indeling van respondente word vervolgens in tabelvorm weergegee. Die letters 'a' tot 'f', verwys na die numering van die kriteria soos dit op die onderhoudskedule voorgekom het.

TABEL 2 Persentasie respondente volgens die aantal kriteria vir deelname aan die ondersoek waaraan hulle voldoen

N=45	f	%
a,b,c,d,e,f	2	4,44
a,b,c,d,e	1	2,22
a,b,c,d,f	1	2,22
a,b,c,d	1	2,22
a,b,c,e,f	1	2,22
a,b,d,e,f	1	2,22
a,c,d,e,f	1	2,22
a,c,d,e	2	4,44
a,d,e,f	1	2,22
a,d,f	3	6,67
a,e,f	3	6,67
a,e	3	6,67
a,f	1	2,22
a	5	11,11
b,c,d,e	1	2,22
b,c,d,f	1	2,22
b,c,d	1	2,22
b,c	1	2,22
b,e,f	1	2,22
c,d,e,f	1	2,22
c,d,f	2	4,44
c,d	1	2,22
e,f	5	11,11
e	3	6,67
f	2	4,44
	N=45	100%

Die belangrikste afleidings uit bogenoemde tabel word vervolgens saamgevat:

- ☛ Slegs twee (4,4%) van die respondente het aan al ses die kriteria vir betrokkenheid by die studieveld voldoen.
- ☛ Vyf respondente (11,11%) het aan vyf van die gestelde kriteria voldoen; sewe (15,55%) aan vier van die kriteria; 10 (22,22%) aan drie van die kriteria; 11 (24,44%) aan twee van die kriteria en 10 (22,22%) aan slegs een van die kriteria.
- ☛ Ongeveer die helfte (53,33%) van die respondente het dus aan drie of meer van die gestelde kriteria voldoen.
- ☛ Uit hierdie resultate blyk dit dat die keuse van respondente deur middel van doelgerigte en sneeubalsteekproeftrekking, suksesvol was. (Vergelyk Strydom & De Vos, 1998:198-200.)

6.3. OMSKRYWING VAN DIE AARD VAN BETROKKENHEID VAN DIE ONDERSKEIE DISSCIPLINES BY MENS-DIERINTERAKSIE AS STUDIEVELD

Vraag: "Hoe sal u (die spesifieke dissipline wat die respondent verteenwoordig is hier genoem) se betrokkenheid by mens-dierinteraksie beskryf?"

Respondente het op hierdie vraag geantwoord deur óf 'n voorbeeld/e uit die praktyk te gee, óf 'n verduideliking van die raakpunte tussen mens-dierinteraksie en sy eie dissipline te gee. Die omvang en kwaliteit van response het verskil. Alhoewel al die respondente op dieselfde wyse voorberei is ten opsigte van die doel van die ondersoek (kyk Onderhoudskedule, Bylae 1) was slegs enkele persone voorbereid op die vraag. Die meeste respondente het die vraag spontaan geantwoord. Response word vervolgens weergegee soos deur die respondente geformuleer om sodoende onderhoudvoerder sydigheid (Bless & Higson-Smith, 1995:145) uit te skakel. Response word ook sover moontlik direk met toepaslike literatuurverwysings verbind.

Vervolgens word die kwalitatiewe data met betrekking tot die aard en omvang van die dissiplines se betrokkenheid by mens-dierinteraksie bespreek:

6.3.1 ANTROPOLOGIE EN ARGEOLOGIE

Albei respondente by hierdie vraag het hoofsaaklik op die rol van die antropoloog gefokus. Antropoloë sal verskil in hul standpunte tot die studieveld. Een benadering is vanuit die relativisme, waarin mens–dierinteraksie binne konteks gesien moet word en waarde-oordele nie afgewing word nie. 'n Ander benadering sal meer aksiegeoriënteerd wees, waartydens 'n beroep op universele waardes met betrekking tot die verhouding tussen mense en diere gemaak word, byvoorbeeld iemand wat 'n dier seermaak of mense wat geselskapsdiere eet. Eersgenoemde groep sal byvoorbeeld die mening huldig dat negatiewe interaksie binne konteks, byvoorbeeld kultuur of omstandighede, gesien moet word en dat daar nie ingemeng behoort te word nie. Die tweede groep sal van mening wees dat aksie geneem moet word en in belang van universele waardes verandering teweeggebring behoort te word. Die rol van die antropoloog is dus veral om die verskille in wêreldbeskouings tussen kulture met betrekking tot mens–dierinteraksie te ondersoek en uit te wys. Ongeag dus die benadering wat gevolg word, is kruiskulturele studies belangrik om 'n sensitiwiteit en openheid vir die verskille in persepsies en houdings tussen kulture te verstaan. (Vergelyk Gallant, 1998:6 en Melson, 1998:234.) Sowel Nicholson & Podberscek (1994:5) as Noske (1997:188-189) sluit hierby aan en is van mening dat positiewe mens–dierinteraksie op alle vlakke van die samelewing, en binne alle groeperinge, alleen bevorder kan word indien begrip vir verskille bestaan.

6.3.2 ARBEIDSTERAPIE

Geselskapsdiere ontlok aktiwiteit en kan op dié wyse as medium in die rehabilitasieproses gebruik word. Dawson (1994:20) beklemtoon die rol van aktiwiteit as essensiële element in die rehabilitasieproses. Diere dien as ysbrekers en tussengangers in die opbou van verhoudings en help so die pasiënt om weer by die gemeenskap in te skakel. (Vergelyk Limond, Bradshaw & Cormack, 1997:84-89.) Die regte passing tussen pasiënt en geselskapsdier is belangrik. Vir kinders met serebraal- en leergestremdhede, hou mens–dierinteraksie, spesifiek met verwysing na terapeutiese perdry, die volgende voordele in: normalisering van tonus, verbeterde postuur, beter fyn motoriese kontrole, ervaring van beweging, perseptuele ervarings, stimulering van konsentrasie en geheue, en sosiale interaksie. (Vergelyk Fitzpatrick & Tebay, 1998:53 en Prinsloo, 1998:3-5.)

6.3.3 ARGITEKTUUR

Die argitek word gekonfronteer met die feit dat daar 'n baie groot populasie geselskapsdiere in stedelike gebiede is. Die effek van verstedeliking op mens–dierinteraksie en die groter druk wat op die beskikbaarheid van oop ruimtes geplaas word, word ook deur McQuillan (1992:160) uitgewys. Deur insig te hê in die positiewe waarde van mens–dierinteraksie, en dit in ag te neem by die ontwerp van geboue, kan waarde toegevoeg word tot die beboude omgewing. Die behoeftes van die totale sisteem, met ander woorde die kliënt self, bure, geselskapsdiere en omgewing, behoort by die ontwerp in ag geneem te word om sodoende positiewe interaksie te bevorder en negatiewe interaksie te voorkom. (Vergelyk Upton, 1992:142.) Praktiese riglyne om aan van hierdie behoeftes te voldoen is deur Jackson (1996:1076-1079) saamgestel.

6.3.4 BEMARKING

Geselskapsdiere speel veral 'n rol in bemarkingskommunikasie. Diere het 'n emosionele impak op die meeste mense. Emosie beïnvloed denke en gemoedstoestand wat weer besluitneming beïnvloed. Om diere in advertensies te gebruik het veral ten doel om dus emosie op te wek en aandag te trek wat as positiewe assosiasie met die produk dien, geheue versterk en as motivering dien in die aankoopbesluit. (Vergelyk Van der Walt *et al.*, 1996:23 en Du Preez, 1997:6.) Diere dien ook as sosialiseringensagent. Veral televisie dien as rolmodel, byvoorbeeld: wat word vir die dier gegee om te eet, hoe en deur wie. Sosiale leer vind op dié manier plaas. Alhoewel die doel met die advertensie is om dierekos te bemark, word verantwoordelike geselskapsdiereienaarskap geïmpliseer. In dieselfde konteks kan 'n onverantwoordelike boodskap oorgedra word, byvoorbeeld waar wilde diere as geselskapsdiere uitgebeeld word of waar onnatuurlike dieregedrag uitgebeeld word. Etiese kwessies kom verder ter sprake in onder andere die miskenning van kultuurverskille ten opsigte van die mens–dierband, die gebruik van diere om kinders as verbruikers in die kapitalistiese stelsel in te trek en die misbruik van diere om 'n ekonomiese doel te bereik. Jennens (1992:178-179), asook Kreger & Mench (1995:146) beklemtoon die rol van verantwoordelike reklame in die bevordering van positiewe mens–dierinteraksie, veral met betrekking tot die invloedryke rol wat die media hierin speel. Die sosiale verantwoordelikheid van die bemarkers ten opsigte van die publiek in die algemeen word deur Marx & Van der Walt (1989:22-23) bespreek.

6.3.5 FILOSOFIE

Filosowe bestudeer die mens in al sy kontekste en kan die mens se wêreldbeskouing en waardebepalings beïnvloed. Vrae met betrekking tot die waarde van diere en die mens–dierband word veral vanuit die filosofie beredeneer (Brennan, 1995:85 en Clark, 1997:113). Die filosofie belig die paralelle wat daar bestaan tussen die hoër diere en die mens wat belangrike implikasies vir dierewelsyn inhou. (Vergelyk Clark, 1997:11 en 168.) Deur die filosofie word 'n groter bewustheid geskep vir die waarde van diere. In die tyd van die verligting het 'n gaping tussen die mens en die wêreld ontstaan. (Vergelyk Turner, 1996:24.) Hierdie gaping word tans weer verklein (Woods, 1998:236) deurdat die natuur as objek, en die verlewending van die natuur, beklemtoon word. Die mens en die natuur, dus die mens en die dier, word weer verenig. Hierdie respons sluit uit by wat Jung (1993:57) gesê het: “If we could accept our physical kinship with all other beings – plants, animals, humans, then we could perceive that what unites us outweighs what divides us”.

6.3.6 FISIOLOGIE

Baie aannames bestaan oor die waarde van mens–dierinteraksie. Die fisioloog moet bepaal wat werklik die fisiologiese parameters vir wetenskaplike navorsing is. Sulke parameters word deur die studies van Odendaal & Meintjes (1999:1-10) daargestel. Die welsyn van sowel geselskapsdiere en produksiediere, as mense kan hierby baat. Die fisioloog kan dus die meetbare en tasbare bewyse gee dat positiewe mens–dierinteraksie waarde het. Die effek van negatiewe interaksie is dus ook meetbaar. (Vergelyk Plous, 1993:27.) Resultate van fisiologiese navorsing kan dien as vertrekpunt vir die motivering van mens–dierinteraksieprogramme en die etiese implikasies van die gebruik van geselskapsdiere tot voordeel van mense. Rogers (1995:101) beklemtoon die etiese implikasies van die gebruik van geselskapsdiere vir dié doel.

6.3.7 FISIOTERAPIE

Geselskapsdiere kan, in geval waar 'n pasiënt van diere hou, benut word as tussenganger tussen terapeut en pasiënt. Die terapeut maak beter kontak met die pasiënt en die respons op behandeling verbeter. Die dier lok reaksie uit wat as stimulus vir verdere intervensie dien. In geval van terapeutiese perdry, hou dit die volgende voordele in: die beweging en posisie op die dier bou tonus of breek dit af waar nodig, verminder spastisiteit, help met

gewigsverskuiwing en mobilisering van die pelvis, help met bilaterale handgebruik, kontroleer die posisie van arms en bene, en is psigies tot voordeel omdat die pasiënt in beheer voel, kan waag en iets kan doen wat ander nie noodwendig kan nie. Die fisioterapeutiese waarde van perdry word in die literatuur deur onder andere Odendaal (1988:77-79), Fitzpatrick & Tebay (1998:43) en Brown & Tebay (1999:9) bevestig.

6.3.8 GENEESKUNDE

Die dokter in 'n gesinspraktyk het 'n goeie idee van die profiel van sy pasiënte, byvoorbeeld met betrekking tot lewenstylverwante siektes soos hartsiektes (Friedmann & Thomas, 1995:1-17), depressie (Jessen *et al.*, 1996: 339-348 en Rieger & Turner, 1999:231), slapeloosheid, eensaamheid (Shulman, 1993:17), en rou (Stewart, 1996:9). Die rol wat geselskapsdiere in die behandeling hiervan kan speel, moet in ag geneem word in die totale behandelingsprogram. Die terapeutiese waarde wat geselskapsdiere kan speel ten opsigte van terminaal siek kinders is ook uitgelig. (Vergelyk ook Muschel, 1984:457 en Cusack, 1988:59.) Die verbetering van lewenskwaliteit van siek mense, deur positiewe kontak met diere, hou die belangrikste waarde vir die geneeskunde in. Reeds in 1987 is die insluiting van geselskapsdiere by menslike gesondheid bepleit: “No future study of human health should be considered comprehensive if the animals with which they share their lives are not included” (Beck & Meyers, 1996:254).

6.3.9 JOERNALISTIEK

Die basiese reëls van joernalistiek is om op te voed, in te lig en te vermaak. Gebeure kom gewoonlik eerste by die joernalis uit, wat dit op sy beurt by die breër gemeenskap moet uitbring. Die gemeenskap raak bewus van mens-dierinteraksieprojekte en -programme, dus die waarde van mens-dierinteraksie, deur middel van publisiteit. Jones (1996:72-79) ondersteun hierdie respons en is van mening dat die groter bewustheid wat daar vandag bestaan ten opsigte van die behoeftes en vermoëns van diere, primêr te danke is aan mediadekking. Die joernalis onthul dit waarvan mense nie bewus is nie, byvoorbeeld onderdrukking van diere (Swabe, 1999:193) en mense as gevolg van mishandeling en verwaarlosing. Die negatiewe band tussen mense en diere word dus ook deur die joernalis aan die lig gebring wat belangrike implikasies inhou vir die rol van die joernalis in die bevordering van verantwoordelike geselskapsdier-eienaarskap. (Vergelyk Jennens, 1992:188 en Podberscek, 1994:232.)

6.3.10 KOMMUNIKASIEPATOLOGIE

Geselskapsdiere is 'n positiewe medium waardeur kommunikasie bevorder word. Teikengroepe wat uitgesonder word is kinders, psigiatriese pasiënte, en bejaarde persone wat byvoorbeeld beroerteskode opgedoen het. (Vergelyk Adams, 1997:55-56 en Nathanson *et al.*, 1997:97.) Die geselskapsdier dien as tussenganger tussen terapeut en pasiënt (Adams, 1997:53-56) en verminder spanning tydens 'n terapisessie. Diere is 'n tema wat kinders altyd aan die praat kry en word byvoorbeeld gebruik in die behandeling van kinders wat hakkel om vlotheidsversterking teweeg te bring. Hierdie response word bevestig deur die doelwitte van geselskapsdiergefasiliteerde spraakterapie soos deur Hume (1996:1-2) uitgespel.

6.3.11 KRIMINOLOGIE

Die rehabilitasiewaarde wat positiewe interaksie met diere vir die gevangene inhou, is vir die kriminoloog van belang. Die geharde oortreder se leefwêreld bestaan uit geweld omdat status en erkenning daardeur verkry word. Hierdie sisteem van geweld word in die gevangenis deur die bendekultuur voortgesit en in stand gehou. Tog bestaan daar 'n inherente behoefte aan gevoelens van omgee, aanvaarding en liefde, maar om hierdie gevoelens te openbaar word gesien as teken van swakheid. Omdat diere geen vooroordele of eise stel nie, kan hulle in hierdie behoeftes voorsien. (Vergelyk Odendaal, 1988:85 en Van der Merwe, 2000(a):4.) In die proses van verhoudingsbou met 'n dier, kan houdingsverandering plaasvind wat as rolmodel vir positiewe verhoudings met ander mense kan dien. (Vergelyk Thackeray *et al.*, 1994:217-219.) Die gebruik van geselskapsdiere as hulpmiddel in die rehabilitasieproses moet egter met versigtigheid oorweeg word. Die welsyn van die dier kan bedreig word indien interaksie met diere byvoorbeeld as 'n swakheid of kultuurtaboe gesien word. Die hoë korrelasie wat daar bestaan tussen geweld teenoor diere en geweld teenoor mense wat in die literatuur uitgelig is (Arkow, 1994:1004 en Hepner, 1994:89), hou ook verband met hierdie respons. By die implementering van mens-dierinteraksieprogramme, moet die etiese implikasies ten opsigte van sowel mense as diere ten alle tye gerespekteer word. (Vergelyk Van Heerden, 1999:6-7.)

6.3.12 KUNS

Die kunstenaar kan in sy uitbeelding van diere, ongeag watter medium gebruik word, mens–dierinteraksie op 'n realistiese en konstruktiewe wyse uitbeeld. (Vergelyk Brion, 1959:45-132.) Daar moet gewaak word teen geromantiseerde en geïdealiseerde uitbeeldings van mens–dierinteraksie. Veral deur die skryfkuns, word mense se aandag op en belangstelling in diere gevestig, deurdat hulle sensitief gemaak word vir die behoeftes en gedrag van diere. Voorbeelde hiervan sien ons in White (1963), Van der Merwe (1995) en Van der Merwe (1996). Kunstenaars kan dus opvoed en inlig en so bydra tot 'n positiewe mens–dierband.

6.3.13 MAATSKAPLIKE WERK

Die maatskaplike werker is tradisioneel die persoon wat behoeftes en hulpbronne bymekaar kan uitbring. (Vergelyk Hoffman & Sallee, 1994:5 en Thackeray, Farley & Skidmore, 1994:102.) By die implementering van mens–dierinteraksieprogramme, vervul die maatskaplike werker die rolle van inisieerder, beplanner, fasiliteerder en ondersteuner. Die dier word gebruik as hulpmiddel in die terapeutiese proses om onder andere kommunikasie te bevorder, spanning te verlig, as liefdesobjek te dien, realiteitsoriëntering te bewerkstellig, vir projektiewe eksplorاسie te benut, en om as sosiale katalisator te dien. Geselskapsdiere as hulpmiddels in die terapeutiese proses word deur Nathanson *et al.* (1997:90-99) en Reyneke (2000:85-86) uitgelig; die rol van geselskapsdiere in die bevordering van kommunikasie deur Haughie *et al.* (1993:18&19), Stewart (1996:10) en Adams (1997:53-56); en die verligting van spanning deur Bernard (1995:93), Odendaal & Meintjes (1999:1-10) en Spanola (2000:13). Geselskapsdiere as liefdesobjek word beklemtoon deur Sable (1995:337-339) en Belk (1996:121-145); as realiteitsoriëntering deur Bowes (1991:5), Stewart (1996:12) en Zisselman *et al.* (1996:47-51); vir projektiewe eksplorاسie deur Reichert (1998:177-185) en Reyneke (2000:82-84); en as sosiale katalisator deur Shulman (1993:17) en Triebenbacher (1998:136).

6.3.14 OPVOEDKUNDE

Die rol van die opvoedkundige is om leerders se kennis oor alle vorme van lewe uit te brei en by hulle respek daarvoor te vestig; om die verskillende verhoudings waarin die mens staan te ondersoek – dus ook die verhouding tussen mens en dier; om leerders van die omgewingselemente en -objekte, waarvan diere 'n belangrike deel uitmaak, en hul

interafhanklikheid bewus te maak. Verder kan die opvoedkundige 'n rol speel om 'n positiewe en verantwoordelike houding teenoor diere te ontwikkel; om die nodige kundigheid, kreatiwiteit en perspektief by leerders te ontwikkel, sodat hulle 'n bydrae tot die identifisering en oplossing van negatiewe interaksie tussen mense en diere in gemeenskappe kan lewer en om positiewe toekomspektiewe en verwagtinge ten opsigte van die mens, dier en omgewing daar te stel. (Vergelyk Odendaal, 1988:102-104; Ascione, 1992:176-191; Hindle, 1992:14 en Jennens, 1992:180.) Laastens het die opvoedkundige die verantwoordelikheid om die rol van geselskapsdiere as deel van gesonde gesinsfunksionering te erken en die kind daarvoor toe te rus. Die waarde van geselskapsdiere as deel van die gesinsisteem word ook deur Triebenbacher (1998:197) en Swabe (1999:160) beklemtoon.

6.3.15 PSIGIATRIE

